

**DIE BOEDELBELASTINGIMPLIKASIES VAN DIE
AANWENDING VAN OPEENVOLGENDE
BEPERKTE REGTE**

Skripsie aangebied deur **GERT PETRUS SCHLEBUSCH ALBERTSE** ter
gedeeltelike nakoming van die vereistes vir die verwerwing van die graad

MAGISTER LEGUM

met Boedelreg as hoofstudierigting
aan die

**POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT
VIR CHRISTELIKE HOËR ONDERWYS**

na voltooiing van 'n voorgeskrewe studieprogram oor twee akademiese jare en die
suksesvolle aflegging van die gevorderde eksamens in

**BELASTINGREG
BOEDELBEPLANNING
ERFREG
HUWELIKSGOEDEREREG
SAKEREK EN EIENDOMSWETGEWING**

STUDIELEIER: Me E van der Schyff

Oktober 2003

INHOUDSOPGAWE

1. Inleiding.....	1
1.1 Probleemstelling.....	1
1.2 Die omvang van die ondersoek.....	2
2. Literatuur oor die aanwending van die besparingsmetode.....	3
2.1 Oorsig.....	3
2.2 Gevolgtrekkings.....	6
3 Die belasbaarheid van stakende beperkte regte	6
4 Die tydstop waarop 'n vruggebruik in die opeenvolgende reghebbendes vestig.....	10
4.1 Algemene beginsels van toepassing op die vestiging van regte by erfopvolging.....	10
4.2 Vestiging in die blooteienaar en die vruggebruiker.....	11
5 Die waardasie van stakende beperkte regte	12
5.1 Samevatting van subartikel 5(1)(b).....	12
5.2 Belangrike fasette van subartikel 5(1)(b)	14
5.2.1 Die verband tussen subartikel 5(1)(b en subartikel 11(a)(i).....	15
5.2.2 Betekenis van die woorde "reg op genot"	15
5.2.3 Die inleidende gedeelte van subartikel 5(1)(b).....	16
5.2.4 Die wyse van kapitalisering	16
5.2.5 Die derde voorbehoudsbepaling.....	17
5.3 Toepassing van subartikel 5(1)(b)	18
5.3.1 Toepassing by die staking van die eerste vruggebruik.....	18
5.3.2 Toepassing by die staking van die interim-vruggebruik.....	19

5.3.3	<i>Toepassing van die derde voorbehoudsbepaling op die waardasie van stakende beperkte regte.....</i>	20
5.4	<i>Gevolgtrekkings</i>	20
6	Belastingpligtigheid ten opsigte van stakende beperkte regte	21
6.1	<i>Samevatting van subartikel 11(a)</i>	21
6.2	<i>Belangrike fasette van subartikel 11(a)(i)</i>	21
6.2.1	<i>Verskil in betekenis van uitdrukkings in die Afrikaanse en Engelse tekste ...</i>	22
6.2.2	<i>Verskil in woordgebruik in subartikel 5(1)(a) en subartikel 11(a)(i)</i>	23
6.2.2.1	<i>"Reg van genot" en "enige voordeel"</i>	23
6.2.2.2	<i>"Geregtig word" en "toeval"</i>	24
6.2.3	<i>Die verband tussen subartikel 11(a)(i) en die derde voorbehoudsbepaling</i>	25
6.3	<i>Toepassing van subartikel 11(a)(i)</i>	26
6.3.1	<i>Toepassing by die staking van die eerste vruggebruik</i>	26
6.3.2	<i>Toepassing by die staking van die interim-vruggebruik as gevolg van tydsverloop</i>	27
6.3.3	<i>Toepassing by die staking van 'n interim-vruggebruik as gevolg van die afsterwe van die interim-vruggebruiker</i>	28
6.3.4	<i>Toepassing van subartikel 11(a)(i) saamgelees met die derde voorbehoudsbepaling</i>	28
6.4	<i>Gevolgtrekkings</i>	29
7	Beoordeling van die regspraak waarop die voorstanders van die besparingsmetode steun	30
8	Belastingvermyding of belastingontduiking?	34
9	Enkele praktiese oorwegings by die aanwending van die besparingsmetode as boedelbeplanningsinstrument	36
10	Samevatting	39

ABSTRACT	42
BYLAE 1	45
BRONNELYS.....	46
BOEKE.....	46
PROEFSKRIFTE EN VERHANDELINGS.....	48
VERSAMELWERKE.....	49
TYDSKRIFARTIKELS.....	50
WETGEWING.....	52
PRAKTYKNOTAS.....	52
REGISTER VAN HOFSAKE.....	52

1 Inleiding

1.1 Probleemstelling

Die bemaking van 'n vruggebruik vir 'n beperkte tydperk aan 'n *interim*-vruggebruiker na die afsterwe van 'n eerste vruggebruiker word dikwels deur boedelbeplanners aangewend om 'n vermindering in boedelbelasting te bewerkstellig.

Volgens hierdie metode¹ word die waarde van die stakende vruggebruik van die eerste vruggebruiker bereken slegs oor die beperkte tydperk waartydens die *interim*-vruggebruiker daarop geregtig sal wees en nie ook oor die verwagte lewensduur van die persoon in wie die vruggebruik uiteindelik sal vestig na die verstryking van die *interim*-vruggebruik nie.

Die voorstanders van hierdie metode is van mening dat, by die staking van die *interim*-vruggebruik vanweë tydsvloei, daar geen boedelbelasting betaalbaar is nie.

Deur die toepassing van hierdie metode word die waarde van die eerste stakende vruggebruik beperk en het dit 'n gepaardgaande besparing van boedelbelasting tot gevolg.²

Hoewel hierdie metode in die praktyk meestal toegepas word deur die aanwending van 'n vruggebruik, kan dit ook toegepas word deur die aanwending van die ander beperkte regte bedoel in subartikels 3(2)(a) en 3(2)(b)³ van die

1 In par 2 word die literatuur oor die metode bespreek asook die gesag vir die aanwending daarvan.

2 Sien par 9.1 vir 'n voorbeeld van die vermindering in die waarde van 'n vruggebruik wat bewerkstellig kan word deur die toepassing van die metode.

3 In subartikel 3(2) word die volgende regte vermeld:

"(a) enige fidusiêre reg, vruggebruik of ander dergelike reg op eiendom (met inbegrip van 'n reg op 'n jaargeld waarmee goed beswaar is) wat die oorledene onmiddellik voor sy dood besit het;

(b) enige reg op 'n jaargeld (behalwe 'n reg op 'n jaargeld waarmee goed beswaar is) wat die oorledene onmiddellik voor sy dood besit het en wat by die dood van die oorledene aan iemand anders toegeval het,....."

Voortaan word na hierdie regte verwys as "beperkte regte".

Boedelbelastingwet.⁴ In hierdie skripsie sal die skrywer hoofsaaklik konsentreer op die aanwending van 'n vruggebruik.

Hierdie skripsie het ten doel om ondersoek in te stel na die regsgeldigheid van hierdie metode van besparing van boedelbelasting⁵ en om enkele van praktiese oorwegings by die aanwending daarvan as boedelbeplanningsinstrument toe te lig.

1.2 Omvang van die ondersoek

Die ondersoek sal hoofsaaklik op die volgende aspekte fokus:

1. Literatuur oor die aanwending van die metode.
2. Die belasbaarheid van stakende beperkte regte.
3. Die tydstip waarop 'n vruggebruik in die opeenvolgende reghebbendes vestig.
4. Die waardasie van stakende beperkte regte.
5. Belastingpligtigheid ten opsigte van stakende beperkte regte.
6. Beoordeling van die regspraak waarop die voorstanders van die besparingsmetode steun.
7. Ondersoek na die vraag of die aanwending van die metode 'n ontduiking of vermyding van boedelbelasting is.
8. Enkele praktiese oorwegings by die aanwending van die besparingsmetode as boedelbeplanningsinstrument.
9. Samevatting.

4 Wet 45 van 1955, hierna genoem die *Boedelbelastingwet*. Sien par 2.1.1 hieronder i.v.m. die aanwending van 'n *fideicommissum*. Daar bestaan twyfel of 'n jaargeld waarmee goed beswaar is regsgeldiglik opgelê kan word aan opeenvolgende eienaars van onroerende eiendom. Sien De Villiers "*Other taxes which affect the use of trusts*" 101.

5 In hierdie skripsie word verder na hierdie metode verwys as "die besparingsmetode".

2 Literatuur oor die aanwending van die besparingsmetode

2.1 Oorsig

Daar is tot dusver betreklik min gepubliseer oor die aanwending van opeenvolgende beperkte regte en die gebruik van die besparingsmetode. Nieteenstaande 'n uitgebreide soektog kon die skrywer, benewens die bronne hieronder vermeld, geen ander artikel opspoor wat uitsluitlik oor die aanwending van die besparingsmetode handel of die regsgeldigheid daarvan ontleed nie. 'n Kort oorsig van die literatuur wat wel opgespoor kon word, word vervolgens gegee.⁶

2.1.1 *The Taxpayer*

Die vroegste verwysing na die aanwending van die besparingsmetode verskyn in 'n artikel in *The Taxpayer* oor die boedelbelastingimplikasies van die verskillende soorte testamentêre beskikkings. In hierdie artikel⁷ bespreek die skrywer onder andere die waardasie van 'n stakende fideikommissêre reg ingevolge subartikel 5(1)(b) van die *Boedelbelastingwet*⁸ en maak dan die volgende stelling:

Thus if the testator were to direct that on the fiduciary's death the interest were to go to A for one year and thereafter the property (or interest) devolve upon B, the percentage value for estate duty in the fiduciary's estate would be under 5% while no estate duty would be payable when A's interest ceases, since his interest does not cease because of death.⁹

6 'n Uitgebreide soektog op die internet het ook geen noemenswaardige of enigszins bruikbare resultate opgelewer nie.

7 Redaksioneel 1965 *The Taxpayer* 63. Hierdie artikel is een van 'n reeks artikels oor boedels en boedelbeplanning wat vanaf Januarie 1965 tot Augustus 1966 in *The Taxpayer* gepubliseer is. 'n Tweede reeks is vanaf Februarie 1992 tot April 1995 gepubliseer. Uit die voorletters van die skrywer wat aan die einde van die artikels verskyn sowel as uit 'n nota in 1994 *The Taxpayer* 122 blyk dit dat D Meyerowitz die skrywer van die artikels is.

8 A 5(1)(b) skryf die wyse voor waarop beperkte regte waardeer moet word.

9 Redaksioneel 1965 *The Taxpayer* 66.

'n Verdere bespreking van die besparingsmetode het bykans twee en twintig jaar later (in 1987) in *The Taxpayer*¹⁰ verskyn. Die artikel het hoofsaaklik gefokus op die effek van die wysiging van subartikel 4(m) van die *Boedelbelastingwet*¹¹ en het verder ook metodes aan die hand gedoen waarvolgens boedelbelasting by die afsterwe van 'n vruggebruiker vermy of verminder kan word.¹²

Die skrywer bespreek die boedelbelastingimplikasies van die staking van opeenvolgende vruggebruike en wys daarop dat by die staking van die eerste vruggebruik die waarde daarvan bereken moet word slegs oor die periode van die *interim*-vruggebruik. By die staking van die interim-vruggebruik is daar, na die mening van die skrywer van die artikel, geen boedelbelasting betaalbaar nie.¹³

Volgens 'n variasie op die metode wat deur die skrywer aan die hand gedoen word, skep 'n testateur 'n vruggebruik oor 'n eiendom ten gunste van sy eggenote en bemaak hy die eiendom aan sy kinders wat twee jaar na die afsterwe van sy eggenote nog mag leef. Verder bepaal die testament dat die testateur se kinders, gedurende die tweejaar-tydperk na sy eggenote se afsterwe, 'n vruggebruik oor die eiendom sal geniet.¹⁴ Die waarde van die vruggebruik by die afsterwe van die eggenote word dan, volgens die skrywer, slegs oor die tydperk van die kinders se vruggebruik en nie ook oor hulle lewensverwachting nie bereken – ten spyte van die feit dat die volle eiendomsreg van die eiendom na die verstryking van die vruggebruik in hulle vestig. Vir hierdie siening steun die skrywer op die uitspraak in *Basset v Commissioner for Inland Revenue*.¹⁵

10 Redaksioneel 1987 *The Taxpayer* 201.

11 Hierdie subartikel is gewysig ingevolge a 6(1)(b) van Wet 86 van 1987 wat tot gevolg gehad het dat die waarde van 'n vruggebruik nie meer as 'n korting in die boedel van 'n testateur sowel as in die boedel van 'n vruggebruiker toegelaat kon word nie.

12 Redaksioneel 1987 *The Taxpayer* 205.

13 Redaksioneel 1987 *The Taxpayer* 205. Die skrywer maak hierdie gevolgtrekking na 'n kort bespreking van die bepalinge van a 5(1)(b) van die *Boedelbelastingwet*. Sien ook Readers' Forum 1988 *The Taxpayer* 158; Redaksioneel 1992 *The Taxpayer* 145.

14 Geen aanduiding word in die voorbeeld gegee oor die vraag in wie die blooteiendomsreg van die eiendom vestig gedurende die tydperk vanaf die afsterwe van die testateur tot op die datum waarop die oorlewende kinders op die eiendom geregtig word nie. Sien *Smith v Estate Smith* 1949 1 SA 534 (A) 544-545 en Corbett ea *Law of Succession* 165 en 169 oor die wenslikheid daarvan dat die blooteiendomsreg in iemand moet vestig na die afsterwe van die testateur.

15 *Basset v CIR* 1961 4 SA 769 (D). Vir 'n uiteensetting van die feite en 'n bespreking van die uitspraak sien par 7. Sien ook Redaksioneel 1992 *The Taxpayer* 145.

2.1.2 Meyerowitz

Hoewel Meyerowitz in die jongste uitgawe van sy werk *Administration of Estates and Estate Duty* nie direk na die besparingsmetode verwys nie, verwys hy na die geval waar 'n begunstigde by die afsterwe van 'n oorledene geregtig word op die reg van genot van 'n eiendom totdat hy 'n bepaalde ouderdom bereik, waarna die volle eiendomsreg aan hom toeval.¹⁶ Hy is van mening dat, in so 'n geval, die kapitalisasie van die waarde van die vruggebruik moet geskied slegs tot op die datum waarop die begunstigde die bepaalde ouderdom sal bereik. Vir hierdie siening steun hy ook op die *Basset*-saak.¹⁷

2.1.3 Ander skrywers

Silke en Stein het in die 1984 uitgawe van *Estate Duty Principles and Planning*¹⁸ kortliks verwys na die besparingsmetode en beweer dat, ingevolge 'n hofuitspraak ("in terms of a court decision"),¹⁹ die waarde van die stakende vruggebruik slegs oor die beperkte tydperk van die daaropvolgende vruggebruik bereken moet word en nie ook oor die lewensverwagting van die uiteindelijke reghebbende nie. In die 1997 uitgawe van hierdie werk²⁰ herhaal Stein hierdie stelling sonder enige verdere motivering en steun ook slegs op die *Basset*-saak as gesag.

Davis, Beneke en Jooste²¹ en G J Badenhorst²² huldig ook die standpunt dat die waarde van 'n vruggebruik verminder kan word deur die benoeming van 'n opeenvolgende vruggebruiker vir 'n kort tydperk en steun ook vir hulle siening op die *Basset*-uitspraak.

16 *Administration of Estates* 29-12. Hierdie feitestel stem ooreen met die feite in die *Basset*-saak. Sien par 7.

17 *Administration of Estates and Estate duty* 29-12 vn 12.

18 Silke & Stein *Estate Duty* 58.

19 In 'n voetnota verwys die skrywers dan na *Basset v CIR* 1961 4 SA 769 (D).

20 Stein *Estate Duty Principles and Planning* 43.

21 Davis ea *Estate Planning* 12-6.

22 Badenhorst GJ "Die aanwending van artikels 4(q) en 4(m) van die Boedelbelastingwet by Boedelbeplanning" 85.

2.2 *Gevolgtrekkings*

- (a) Al die skrywers oor die besparingsmetode het in 'n mindere of meerdere mate vir hulle standpunte gesteun op die uitspraak in die *Basset*-saak²³ sonder enige ontleding of beoordeling van die redes waarop die uitspraak gebaseer is.
- (b) In die *Basset*-saak was daar net een opeenvolgende beperkte reghebbende²⁴ en die saak is ooreenkomstig die bepalings van subartikel 5(b)(iii) van die *Sterfrechtenwet* bereg.²⁵ Die mate van gesag wat hierdie uitspraak bied, hang dus grootliks af van die mate van ooreenstemming tussen die bewoording van subartikel 5(b)(iii) van die *Sterfrechtenwet* en die bewoording van subartikel 5(1)(b) van die *Boedelbelastingwet*.²⁶
- (c) Die huidige toepaslikheid en gesaghebbendheid van die *Basset*-saak sowel as die regsgeldigheid van die besparingsmetode moet gemeet word aan die bepalings van die *Boedelbelastingwet* wat betrekking het op die belasbaarheid, die waardasie en belastingpligtigheid ten opsigte van stakende beperkte regte.

Ons gaan gevolglik eers hierdie aspekte van die *Boedelbelastingwet* ondersoek alvorens ons die soeklig verder op die *Basset*-uitspraak laat val om die gesaghebbendheid daarvan te beoordeel.

3 Die belasbaarheid van stakende beperkte regte

Ten opsigte van die boedel van iedere persoon wat na 1 April 1955 te sterwe kom word boedelbelasting opgelê, gehef en gevorder ingevolge die bepalings van die *Boedelbelastingwet*.²⁷

23 1961 4 SA 769 (D).

24 Sien par 7(a).

25 Wet 29 van 1922, hiema genoem die *Sterfrechtenwet*. Hierdie wet is intussen herroep ingevolge die bepalings van die *Boedelbelastingwet* Wet 45 van 1955.

26 A 5(1)(b) skryf die wyse voor waarop 'n fidusiêre reg, 'n vruggebruik en ander dergelike regte op eiendom waardeur moet word.

27 A 2(1) Wet 45 van 1945.

Die boedel van 'n persoon bestaan uit al die eiendom van daardie persoon op die datum van sy dood sowel as alle eiendom wat op die datum van sy dood ingevolge die bepalings van die *Boedelbelastingwet* geag word eiendom te wees.²⁸

Ingevolge subartikel 3(2) beteken "eiendom" enige reg op goed, hetsy roerend of onroerend, liggaamlik of onliggaamlik, asook enige fidusiêre reg, vruggebruik of ander dergelike reg asook 'n reg op 'n jaargeld wat die oorledene onmiddellik voor sy dood besit het.²⁹

Om te kwalifiseer as "eiendom" moet die regte bedoel in subartikels 3(2)(a) en 3(2)(b) regte wees "wat die oorledene onmiddellik voor sy dood besit het". Om belasbaar te wees moet dit dus vasstaan dat die oorledene

- (a) 'n gevestigde reg gehad het op die regsobjek,³⁰ en
- (b) die reg tot sy eie voordeel kon uitoefen en nie ten behoeve van iemand anders nie.³¹

Die aanspraak³² wat 'n afgestorwe inkomstebegunstigde voor sy dood onder 'n diskresionêre trust gehad het, is nie 'n reg "wat die oorledene onmiddellik voor sy dood besit het" nie en daar sal gevolglik by sy afsterwe geen belastingpligtigheid ten

28 A 3(1) Wet 45 van 1955. Eiendom wat ingevolge subartikel 3(3) geag word die eiendom van die oorledene te wees omvat oa sekere binnelandse polisse op die lewe van die oorledene, pensioenvoordele, aanwas-eise teen 'n langlewende gade en eiendom waarvoor die oorledene onmiddellik voor sy dood bevoeg was om tot sy eie voordeel of tot die voordeel van sy boedel te beskik.

29 Sien vn 3 vir 'n volledige weergawe van subartikels 3(2)(a) en (b) mbt. die beperkte regte wat onder die omskrywing van "eiendom" ingesluit is. Ingevolge subartikel 3(2) is sekere bates en regte wat hoofsaaklik betrekking het op 'n oorledene wat nie op die datum van sy dood in die Republiek woonagtig was nie, uitgesluit. Hierdie uitsluitings is nie relevant met betrekking tot die verdere bespreking nie. Sien ook Meyerowitz *Administration of Estates* 27-3.

30 Van Wijk CH 1977 THRHR 160.

31 De Villiers *Other taxes which affect the use of trusts* 102.

32 Strydom *Aansprake van 'n Trustbegunstigde* 3 vn 10. Strydom gebruik die woord "aanspraak" as 'n "versamelwoord vir alle verwantskappe wat 'n subjek tav 'n objek kan hê". Dit sluit dus in terme soos "belange", "verwagtings" en "regte". Die woord "aanspraak" word hier, en ook elders in hierdie skripsie, gebruik om dieselfde begrip aan te dui.

opsigte van sy aanspraak ontstaan nie.³³

Met die sinsnede "wat die oorledene onmiddellik voor sy dood besit het" word bedoel tot by die dood van die oorledene. Beperkte regte waarvan 'n oorledene voor sy dood afstand gedoen het, sal dus by sy afsterwe nie meer "eiendom" in sy boedel wees nie.³⁴

Die beperkte regte bedoel in subartikels 3(2)(a) en 3(2)(b) word by die afsterwe van die reghebbende beëindig en maak dus nie meer 'n bate in sy boedel uit nie. Dit word ook nie as 'n bate aangedui in die likwidasië- en distribusierekening van sy boedel nie.³⁵ Aangesien die waarde van die beperkte reg verlore gaan vir sy boedel, het die wetgewer dit dienstig geag om die persoon aan wie 'n voordeel toeval as gevolg van die dood van die oorledene aanspreeklik te maak vir die betaling van boedelbelasting.³⁶

Subartikel 3(2) is slegs van toepassing op stakende beperkte regte en nie op 'n beperkte reg wat 'n oorledene in sy testament skep nie.³⁷ 'n Vruggebruik wat deur 'n oorledene in sy testament geskep word, word nie deur die bepalings van hierdie subartikel geraak nie.³⁸

33 Stein *Estate Duty* 24; Inkomstebelasting Praktyknota 35 van 1994.

34 Cameron ea. *Honoré's Law of Trusts* 470; Meyerowitz *Administration of Estates* 27-4.

35 Meyerowitz *Administration of Estates* 27-16. Die waarde daarvan moet egter in die betrokke boedelbelastingopgawe aangedui word.

36 *SBI v Jordaan* 1967(3) SA 329 (A) 336.

37 Huxham & Haupt *Suid-Afrikaanse Inkomstebelasting* 457.

38 Die waarde van die *plena proprietas* van die eiendom ten aansien waarvan die vruggebruik geskep word, word wel in aanmerking geneem by die berekening van die oorledene se aanspreeklikheid vir boedelbelasting maar nie die onderliggende komponente (*nuda proprietas* en *usufructum*) daarvan nie. Sien *SBI v Boedel Snyman* 1972 1 SA 1 (A) 8.

Vir boedelbelastingdoeleindes word die waarde van 'n stakende beperkte reg wat in 'n opeenvolgende beperktereghebbende vestig bepaal

...deur die kapitalisering van die jaarlikse waarde daarvan in die mate waarop die persoon wat by verstryking van bedoelde reg van die oorledene as gevolg van die dood van die oorledene op 'n reg van genot van bedoelde goed van watter aard ook al geregtig word.³⁹ (Eie vetdruk.)

Die belastingpligtige is "die persoon aan wie enige voordeel by die dood van die oorledene toeval".⁴⁰ (Eie vetdruk.)

Ten einde dus vir boedelbelastingdoeleindes die waarde van 'n stakende beperkte reg en die belastingpligtigheid ten opsigte daarvan te bepaal, is dit nodig om vas te stel

- (a) in welke mate 'n opvolger-in-titel van 'n oorledene, as gevolg van die dood van die oorledene, op 'n reg van genot geregtig geword het; en
- (b) aan welke persoon enige voordeel as gevolg van die dood van die oorledene toegeval⁴¹ het.

Die oorledene waarna in subartikel 5(1)(b) verwys word is die oorledene wat die reg op genot van so 'n fidusiêre reg, vruggebruik of ander derglike reg op goed gehou het en nie die oorlede testateur nie.

Uit die gebruik van die woorde "geregtig word" en "toeval" blyk dit dat die tydstip van vestiging van beperkte regte in die opeenvolgende reghebbendes 'n belangrike faktor is wat in ag geneem moet word by die toepassing van subartikel 5(1)(b) en subartikel 11(a)(i) ten einde die waarde van 'n stakende beperkte reg en die belastingpligtigheid ten opsigte daarvan te bepaal.

39 A 5(1)(b). Sien par 5 vir verdere bespreking van hierdie artikel.

40 A 11(a)(i). Sien par 6 vir verdere bespreking van artikel 11.

41 In a 5(1)(b) word die uitdrukking "geregtig word" gebruik terwyl in a 11(a)(i) die woord "toeval" gebruik word. Sien par 6.2.2.2 vir 'n bespreking van die verskil in woordgebruik.

4 Die tydstip waarop 'n vruggebruik in die opeenvolgende reghebbendes vestig

4.1 *Algemene beginsels van toepassing op die vestiging van regte by erfopvolging*

Die tradisionele beskouing in ons reg was nog altyd dat erfopvolging nie slegs die oorgang van die erflater se regte teweeg bring nie, maar ook 'n verbintenisskeppende feit is.⁴² Volgens die beginsels van ons erfreg val die boedel van 'n oorledene, by ontstentenis van 'n ander reëling, oop met die dood van die erflater. Die oopval van die boedel staan bekend as *delatio* of *dies cedit*⁴³ – die tydstip waarop die vorderingsregte van die bevoordeeldes, tensy die testament anders bepaal, teen die eksekuteur van die oorledene se boedel, as prestasiepligtige, vestig en afdwingbaar word.⁴⁴

Die bevoordeelde verkry dus altyd eers 'n vorderingsreg as 'n gevestigde reg⁴⁵ voordat hy 'n saaklike reg as verdere gevestigde reg kan bekom.⁴⁶ Die oomblik waarop die vorderingsreg afdwingbaar word staan bekend as *dies venit* of *dies veniens legati*.⁴⁷

In *Wessels NO v de Jager en 'n Ander NNO*⁴⁸ het die Hoogste Hof van Appél afgewyk van die tradisionele standpunt en beslis dat, in die geval van 'n testate of

42 Van der Merwe & Rowland *Die Suid-Afrikaanse Erfreg* 12; Sonnekus 2000-4 TSAR 794.

43 Van der Merwe & Rowland *Die Suid-Afrikaanse Erfreg* 12; *Botha v Botha* 1979 3 SA 792 (T) 794.

44 *CIR v Estate Crewe* 1943 (A) 656 692; *Greenberg v Estate Greenberg* 1955 3 SA 361 (A) 364.

45 Sonnekus 2000-4 TSAR 794. Die vorderingsregte teen die eksekuteur van die erflater se boedel as uiteindelijke prestasiepligtige het as objek die medewerking van die eksekuteur met betrekking tot die oordrag van die bates aan die bevoordeeldes wat daarop geregtig is. Sien ook *Estate Smith v Estate Follett* 1942 A 364 op 383 en *Greenberg v Estate Greenberg* 1955 (3) SA 361(A) 364.

46 Corbett ea. *Law of Succession* 168, 171-173; Strydom *Aansprake van 'n Trustbegunstigde* 193.

47 *Botha v Botha* 1979 3 SA 792 (A) 794.

48 2000 4 SA 924 (HHA).

intestate bevoordeling, daar by die dood van die testateur slegs 'n bevoegdheid (om die bevoordeling te aanvaar), en nie 'n reg nie, aan 'n begunstigde toeval.⁴⁹

Van akademici se kant was daar enersyds fel kritiek⁵⁰ maar andersyds ook aanvaarding van die korrektheid van die uitspraak.⁵¹

Dit val buite die bestek van hierdie werk om 'n analise te maak van hierdie uitspraak en die uitwerking wat dit op die vestiging van regte het. Die verdere bespreking oor die vestiging van regte word beperk tot die tradisionele standpunt sonder om die effek van die uitspraak daarop te bepaal. Boedelbeplanners, en veral ook boedelberedderaars, sal egter met die uitspraak moet rekening hou wanneer dit kom by die vestiging van die regte van die onderskeie beperkte reghebbendes.

4.2 Vestiging in die blooteienaar en die vruggebruiker

Waar 'n testateur 'n eiendom bemaak onderhewig aan opeenvolgende vruggebruike is die posisie van die opeenvolgende reghebbendes soos volg:

- (a) Ten opsigte van die blooteiendom (*nuda proprietas*) breek *dies cedit* vir die blooteienaar aan op die datum van afsterwe van die testateur, terwyl *dies venit* ten opsigte daarvan aanbreek na voltooiing van die beredderingsproses. By die afsterwe van die testateur verkry die blooteienaar onmiddellik 'n gevestigde reg op lewering van die blooteiendom deur die eksekuteur na voltooiing van die beredderingsproses.⁵²

49 2000 4 SA 924 (HHA) 928.

50 Sonnekus 2000-4 TSAR 808. Na 'n indringende analise van die uitspraak maak hy in die slotparagraaf van die artikel die volgende opmerking: "Die hoogste hof van appèl het in 'n woordknap uitspraak die wissels met betrekking tot *delatio* én die insolvensiereg ver lê in 'n voorbeeld van regsinding wat met die grootste respek nie op sterkte van oortuigende argumente as knap bestempel kan word nie."

51 Stevens SA Law Journal 233 waar hy opmerk: "I am of the opinion that van Heerden ACJ's decision is correct, although he could have been more expansive in his discussion of the legal principles involved."

52 Corbett ea Law of Succession 164 en 168.

- (b) Ten opsigte van die vruggebruik breek *dies cedit* vir die eerste vruggebruiker aan op die datum van afsterwe van die testateur terwyl *dies venit* aanbreek na voltooiing van die beredderingsproses.
- (c) Ten opsigte van die *interim*-vruggebruiker breek *dies cedit* ten aansien van die vruggebruik aan op die datum van afsterwe van die erflater terwyl *dies venit* aanbreek by die staking van die vruggebruik van die eerste vruggebruiker.
- (d) *Dies cedit* ten opsigte van die vruggebruik van die eiendom ten gunste van die blooteienaar breek aan by die afsterwe van die testateur. *Dies venit* ten opsigte daarvan is vir 'n onbepaalde tydperk uitgestel, wat ten einde loop na die staking van die eerste vruggebruik en die staking van die *interim*-vruggebruik. Die blooteienaar se regte met betrekking tot die vruggebruik bly opgeskort tot by die verstryking van die *interim*-vruggebruik, wanneer die reg op die genot van die blooteiendom ook aan hom toeval.⁵³

5 Die waardasie van stakende beperkte regte

Die wyse waarop 'n fidusiêre reg, 'n vruggebruik en ander dergelike regte op eiendom waardeur moet word, is vervat in subartikel 5(1)(b) van die *Boedelbelastingwet*.

5.1 Samevatting van subartikel 5(1)(b)

Die bepalings van subartikel 5(1)(b) kan soos volg saamgevat word:

- (a) Kapitaliseer die jaarlikse waarde van die reg op genot van die goed⁵⁴ waarop die oorledene 'n beperkte reg gehou het teen 12 persent per jaar oor die

⁵³ Corbett ea *Law of Succession* 174.

⁵⁴ In subartikel 5(1)(b) die word die uitdrukking "dergelike reg op goed" gebruik in teenstelling met die uitdrukking "dergelike reg op eiendom" wat in subartikel 3(2) gebruik word. Die waarde van beperkte regte tov boeke, skilderye, standbeelde en ander kunswerke word bepaal ooreenkomstig die tweede voorbehoudsbepaling van subartikel 5(2).

vermoedelike lewensduur van die persoon wat daarop geregtig word.⁵⁵ In die geval van meerdere beperktereghebbendes moet elkeen se aandeel in die beperkte reg oor sy lewensverwagting gekapitaliseer en bereken word.⁵⁶

- (b) Indien die Kommissaris oortuig is daarvan dat die goed wat aan 'n beperkte reg onderworpe is na verwagting nie 'n jaarlikse opbrengs van 12 persent sal oplewer nie, kan hy 'n som vasstel wat na sy oordeel billikerwys die jaarlikse opbrengs voorstel.⁵⁷
- (c) Indien die begunstigde die beperkte reg vir 'n korter tydperk as sy vermoedelike lewensduur sal geniet, word die jaarlikse waarde oor die korter tydperk bereken.⁵⁸
- (d) Die gekapitaliseerde waarde van die beperkte reg moet verminder word met 'n bedrag gelykstaande aan die bedrag wat die begunstigde betaal het vir die blote eiendomsreg van die eiendom ten opsigte waarvan hy geregtig word op die reg van genot.⁵⁹

55 Die wyse van kapitalisering in die geval van 'n skenking verskil van die wyse van kapitalisering vir boedelbelastingdoeleindes. Ingevolge die bepalings van a 62(1) van die Inkomstebelastingwet 58 van 1962 word die kapitalisering in die geval van 'n skenking gedoen teen 12 persent oor die vermoedelike lewensduur van die skenker en nie oor die verwagte lewensduur van die begiftigde nie.

56 Meyerowitz *Administration of Estates and Estate Duty* 29-16.

57 A 5(2). Die Kommissaris is slegs geregtig om 'n som vas te stel wat billikerwys die jaarlikse opbrengs voorstel. Hy is nie geregtig om 'n laer kapitalisasiekoers voor te stel nie. ITC 1493 1991 *The Taxpayer* 195. Die uitoefening van sy diskresie deur die Kommissaris is nie appèleerbaar nie maar is slegs onderhewig aan hersiening. Davis ea 2-33. Die som word deur die Kommissaris vasgestel met inagneming van die inkomste wat die eiendom gedurende die voorafgaande drie jaar opgelewer het. Sien ook Redaksioneel 1980 *The Taxpayer* 81; Redaksioneel 1994 *The Taxpayer* 21; *CSARS v Klosser's Estate* 2000 4 SA 993 (C).

58 Indien 'n beperkte reg toegeken word onderhewig aan 'n ontbindende voorwaarde (bv. die staking van 'n vruggebruik by die hertroue van die vruggebruiker), word die voorwaarde nie in aanmerking geneem by die vasstelling van die termyn nie. Die vruggebruik word waardeur oor die volle lewensverwagting van die persoon aan wie die vruggebruik toegeval het, selfs al sou die persoon baie kort na die afsterwe van die oorledene (en voor die afhandeling van die boedel) hertrou het. *SBI v Boedel Snyman* 1972 1 SA 1(A).

59 A 5(1)(b) - Eerste voorbehoudsbepaling.

- (e) Indien die persoon in wie die vruggebruik vestig reeds die eienaar van die blooteiendom is, mag die gekapitaliseerde waarde nie meer wees nie as die verskil tussen die waarde van die volle eiendomsreg en die waarde van die blooteiendomsreg toe hy die blooteiendomsreg aanvanklik verkry het.⁶⁰
- (f) Indien dit by die afsterwe van 'n oorledene nie moontlik is om voor 'n toekomstige datum vas te stel wie geregtig sal word op 'n beperkte reg nie, word die waarde van die beperkte reg ingevolge die derde voorbehoudsbepaling van subartikel 5(1)(b) bereken oor 'n tydperk van 50 jaar.⁶¹ Die Kommissaris en die eksekuteur mag egter, met inagneming van die omstandighede, ooreenkom op 'n korter tydperk.⁶² Die derde voorbehoudsbepaling word later in meer besonderhede bespreek.⁶³
- (g) In die geval van 'n persoon wat nie 'n natuurlike persoon is nie, word die berekening van die vruggebruik oor 'n tydperk van vyftig jaar gemaak.⁶⁴
- (h) Die waarde van die beperkte regte word bereken ooreenkomstig Tabela A en B.⁶⁵ Tabel A word gebruik wanneer die waarde van die reg aan 'n persoon se lewensverwachting gekoppel word. Tabel B word gebruik wanneer die waarde van die reg oor 'n spesifieke termyn bepaal moet word.

5.2 Belangrike fasette van subartikel 5(1)(b)

Met die oog op die ondersoek na die moontlike belastingpligtigheid van die *interim*-vruggebruiker en die blooteienaar is dit nodig om te fokus op sekere fasette van subartikel 5(1)(b). Aangesien die Engelse teks van die wet onderteken is, word die Engelse weergawe van die wet ook tussen hakies aangedui waar dit ter sake is. Woorde waarop gefokus moet word, word in vetdruk aangedui.

⁶⁰ A 5(1)(b) -Tweede voorbehoudsbepaling.

⁶¹ A 5 (1)(c) wat handel oor die waardasie van 'n jaargeld waarmee goed beswaar is, bevat nie 'n soortgelyke voorbehoud nie.

⁶² A 5(1)(b) – Derde voorbehoudsbepaling.

⁶³ Sien paragrawe 5.2.5, 5.3.3 en 6.3.4.

⁶⁴ A 5(3). Aangesien 'n trust nie 'n regspersoon is nie, is hierdie bepaling nie van toepassing op 'n trust nie. Sien Cameron *ea Honoré's Law of Trusts* 479.

⁶⁵ Vervat in R1942 van 23 September 1977.

5.2.1 Die verband tussen subartikel 5(1)(b) en subartikel 11(a)(i)

Ingevolge subartikel 11(a)(i) is die belastingpligtige die persoon "aan wie enige voordeel by die dood van die oorledene toeval"⁶⁶ (eie beklemtoning). Die persoon aan wie die voordeel toeval (ingevolge subartikel 11(a)(i)) moet dus dieselfde persoon wees as die persoon wat (ingevolge subartikel 5(1)(b)) by verstryking van die reg van die oorledene as gevolg van die dood van die oorledene op 'n reg van genot geregtig word.⁶⁷ Hierdie verband tussen die artikels bring mee dat, nieteenstaande verskil in woordgebruik, die bepalings van hierdie twee artikels op 'n konsekwente wyse uitgelê moet word.⁶⁸

5.2.2 Die betekenis van die begrip "reg op genot"

Dit is nie die oorledene se fidusiêre reg, vruggebruik of dergelike reg wat waardeer word nie, maar die genotsreg van die goed waarop die oorledene so 'n reg gehad het, in die mate waarop die persoon of persone, by verstryking van die reg van die oorledene, op die genotsreg geregtig word.⁶⁹

Die woorde "reg op genot" moet in hulle gewone betekenis verstaan word as die reg om die saak te gebruik en, waar die saak vrugte lewer, ook die vrugte daarvan te neem en te geniet. Dit moet derhalwe 'n gevestigde reg op genot wees. 'n Begunstigde ingevolge 'n diskresionêre trust het nie so 'n gevestigde reg op genot nie.⁷⁰ 'n *Fiduciarius*, wie se regte onderhewig is aan 'n vruggebruik, is insgelyks ook nie geregtig op 'n reg van genot nie.⁷¹

Subartikel 5(1)(b) vereis nie dat die opeenvolgende beperktereghebbende, by die staking van 'n beperkte reg van sy voorganger, 'n reg moet verkry wat geheel en al of wesenlik ooreenstem met die reg wat sy voorganger gehad het nie. Dit is

66 A 11(a)(i). Sien par 6 vir verdere bespreking van a 11.

67 *SBI v Jordaan* 1967 3 SA 329 (A) 337; Sien par 6.2.2.2 oor die verskil in woordgebruik tov. "toeval" en "geregtig word".

68 Cameron ea *Honoré's Law of Trusts* 337.

69 *SBI v Jordaan* 1967 3 SA 329(A) 337; Cameron ea *Honoré's Law of Trusts* 479; *Visser v SBI* 1968 2 SA 78 (O) 81.

70 Sien ook van Wijk 1977 *THRHR* 160.

71 *Visser v SBI* 1968 2 SA 78 (O) 81, 84.

voldoende indien die opeenvolgende beperktereghebbende in 'n mate op die reg van genot op die goed geregtig word. 'n Herkenbare identiteit is nie 'n vereiste nie.⁷²

5.2.3 *Die inleidende gedeelte van subartikel 5(1)(b)*

Uit die inleidende gedeelte van subartikel 5(1)(b) blyk dit

(a) dat die subartikel handel oor die waarde van enige eiendom vir doeleindes van die insluiting daarvan in 'n boedel van 'n persoon, en

(b) dat die waarde van die boedel bepaal word soos op die datum van dood van daardie persoon.

By die staking van die beperkte reg van 'n *interim*-beperktereghebbende vanweë tydsverloop, is daar nie sprake van 'n "boedel van 'n persoon" of die "dood van 'n persoon" nie. Subartikel 5(1)(b) bevat dus nie voorskrifte vir die waardasie van die staking van 'n *interim*-beperkte reg vanweë tydsverloop nie.⁷³

5.2.4 *Die wyse van kapitalisering*

Ingevolge die bepalings van subartikel 5(1)(b) word kapitalisering gedoen –

- (a) ten opsigte van die jaarlikse waarde van die reg op genot van die goed waarop die oorledene 'n beperkte reg gehou het, en
- (b) "in die mate waarop die persoon wat by verstryking van die reg van die oorledene as gevolg van die dood van die oorledene⁷⁴ op 'n reg van genot van bedoelde goed van watter aard ookal geregtig word". (Eie vetdruk.)

⁷² *SBI v Jordaan* 1967 3 SA 329 (A) 337.

⁷³ Sien par 6.3.3 oor die staking van 'n *interim*-beperkte reg vanweë die afsterwe van die *interim*-beperktereghebbende.

⁷⁴ Die "oorledene" is die oorledene wat die reg op genot van so 'n fidusiêre reg, vruggebruik of ander derglike reg op goed gehou het en nie die oorlede testateur nie.

Die waardasie van 'n stakende reg is dus kunsmatig. Die waarde van die reg word gekoppel aan die tydperk waartydens die opvolger in titel geregtig is op die reg van genot. Hoe jonger die opvolger is, hoe hoër sal die waarde van die stakende beperkte reg vir boedelbelastingdoeleindes wees.⁷⁵

5.2.5 Die derde voorbehoudsbepaling

Indien dit by die afsterwe van 'n oorledene nie moontlik is om voor 'n toekomstige datum vas te stel wie geregtig sal word op die reg van genot van 'n eiendom nie, word die waarde van die reg van genot, ingevolge die derde voorbehoudsbepaling,⁷⁶ oor 'n periode van 50 jaar bereken. Die Kommissaris en die eksekuteur mag egter, met inagneming van die omstandighede, op 'n korter tydperk ooreenkom.

Die voorbehoudsbepaling maak voorsiening vir die waardasie van 'n beperkte reg wat die oorledene gehad het en wat by sy dood verval het, hoewel die reg van genot van die eiendom eers na verloop van tyd op 'n toekomstige datum in 'n persoon of persone mag vestig. Die voorbehoudsbepaling beoog dus belasbaarheid hoewel die reg wat die oorledene gehad het by sy dood verval en na 'n tussentydperk eers op 'n toekomstige datum aan 'n persoon of persone sal toeval.

75 Redaksioneel 1992 *The Taxpayer* 145. In die geval van 'n manlike opvolger van 20 jaar sal die waarde van die vruggebruik ongeveer 99,5% van die markwaarde van die bate wees, terwyl dit in die geval van 'n manlike opvolger van 70 jaar ongeveer 61,9% sal wees.

76 Ingevoeg ingevolge a 4(b) van Wet 65 van 1960. Hierdie voorbehoudsbepaling is waarskynlik ingevoeg om 'n skuiwergat vir belastingaanspreeklikheid toe te stop. Voor die wysiging was dit moontlik om belastingpligtigheid te vermy indien 'n belastingpligtige nie geïdentifiseer kon word nie. Dit was veral ten opsigte van trusts dat van hierdie skuiwergat gebruik gemaak is om aanspreeklikheid vir boedelbelasting te vermy. Sien CIR v *MacNeillies Estate* 1961 3 SA 833 (A) 838. Dit is egter eienaardig dat die wetgewer gepoog het om die probleem op te los deur slegs subartikel 5(1)(b) te wysig sonder 'n dienooreenkomstige wysiging van subartikel 11(a)(i).

5.3 Toepassing van subartikel 5(1)(b)

5.3.1 Toepassing by die staking van die eerste vruggebruik

Ten opsigte van die waardasie van die vruggebruik by die afsterwe van die eerste vruggebruiker ontstaan die volgende vraag: Moet die waarde van die reg op genot slegs oor die tydsduur van die *interim*-vruggebruik gekapitaliseer word of moet dit ook gekapitaliseer word oor die vermoedelike lewensduur van die blooteienaar in wie die reg op genot uiteindelik na die staking van die *interim*-vruggebruik sal vestig?

Soos hierbo aangedui,⁷⁷ moet kapitalisering van die jaarlikse waarde van die reg op genot wat die oorledene geniet het by die staking daarvan geskied

in die mate waarop die persoon wat by verstryking van bedoelde reg van die oorledene as gevolg van die dood van die oorledene op 'n reg van genot van bedoelde goed ... geregtig word, teen 12% oor die vermoedelike lewensduur van bedoelde persoon... (Eie vetdruk.)

Hoewel *dies cedit* ten opsigte van die reg op genot van die goed ten gunste van die blooteienaar reeds aanbreek by die afsterwe van die testateur, is *dies venit* daarvan uitgestel vir 'n tydperk wat ten einde loop by die staking van die *interim*-vruggebruik.⁷⁸

Die blooteienaar word dus nie, as gevolg van die afsterwe van die eerste vruggebruiker, in enige mate geregtig op enige reg van genot op die goed waarop die afgestorwe vruggebruiker 'n reg van genot gehou het nie. Die blooteienaar se reg op genot is opgeskort tot by die staking van die reg op genot van die *interim*-vruggebruiker. Hy mag trouens dalk nog voor die staking van die beperkte reg van die *interim*-vruggebruiker te sterwe kom.

⁷⁷ Sien par 5.2.4(b).

⁷⁸ Sien par 4.2.

Dit is slegs die *interim*-vruggebruiker wat by verstryking van die reg van die oorledene as gevolg van die dood van die oorledene op 'n reg van genot geregtig word.

Die waardasieklousule maak dus nie daarvoor voorsiening dat, by die afsterwe van die eerste vruggebruiker, sy reg op genot gekapitaliseer moet word oor die vermoedelike lewensduur van die blooteienaar nie. Kapitalisasie moet slegs geskied oor die duur van die *interim*-vruggebruik.⁷⁹

5.3.2 Toepassing by die staking van die *interim*-vruggebruik

By die staking van 'n *interim*-vruggebruik vanweë tydsverloop⁸⁰ is daar nie sprake nie

- (a) van 'n **boedel** van 'n persoon⁸¹, of
- (b) van 'n reg op genot van goed waarop 'n oorledene⁸² 'n beperkte reg gehou het nie, of
- (c) van 'n persoon wat by verstryking van die reg van 'n oorledene⁸³ as gevolg van die dood van 'n oorledene op 'n reg van genot in enige mate geregtig word nie.⁸⁴

Die waardasieklousule maak dus nie voorsiening vir die waardasie van 'n *interim*-beperkte reg by die staking daarvan vanweë tydsverloop nie.

79 Sien ook 1988 *The Taxpayer* 159.

80 Indien die *interim*-vruggebruiker voor die verstryking van die bepaalde tydsduur te sterwe kom, sal daar wel boedelbelasting betaalbaar wees. Sien par 6.3.3.

81 Sien par 5.2.3(a).

82 Sien par 5.2.4(a).

83 Sien par 5.2.4(b).

84 Sien par 5.2.4(b).

5.3.3 Toepassing van die derde voorbehoudsbepaling op die waardasie van 'n stakende vruggebruik

Vanweë die samehang tussen die derde voorbehoudsbepaling en subartikel 11(a)(i), word die toepassing van die derde voorbehoudsbepaling in paragraaf 6 bespreek.

5.4 Gevolgtrekkings op grond van die bewoording van subartikel 5(1)(b)

(a) Subartikel 5(1)(b) maak, in die geval van 'n *interim*-vruggebruik, slegs voorsiening vir die kapitalisasie van die eerste vruggebruiker se reg op genot oor die duur van die *interim*-vruggebruik en nie ook oor die vermoedelike lewensduur van die blooteienaar nie.

(b) Subartikel 5(1)(b) maak nie voorsiening vir die waardasie van 'n *interim*-vruggebruik by die staking daarvan vanweë tydsverloop nie.

Om egter slegs op sterkte van die bepalings van subartikel 5(1)(b) tot die gevolgtrekking te kom

- (i) dat die blooteienaar nie by die verstryking van die reg van die eerste vruggebruiker as gevolg van die afsterwe van die eerste vruggebruiker aanspreeklik word vir die betaling van boedelbelasting nie, en
- (ii) dat daar nie boedelbelasting betaalbaar is by die staking van die *interim*-vruggebruik vanweë tydsverloop nie⁸⁵,

sou nie geregverdig wees nie. Alvorens so 'n gevolgtrekking gemaak kan word, moet dit ook vasstaan dat die *Boedelbelastingwet* nie enige aanspreeklikheid vir die betaling van boedelbelasting in enige van die bogemelde gevalle skep nie.

85 Die waardasie van 'n *interim*-vruggebruik wat staak vanweë die dood van die *interim*-vruggebruiker word in par 6.3.3 bespreek.

Belastingaanspreeklikheid kan slegs bepaal word wanneer die belasbare bedrag vasgestel kan word en daar 'n belastingpligtige gevind kan word.⁸⁶

6 Belastingpligtigheid ten opsigte van stakende beperkte regte

Aanspreeklikheid vir die betaling van boedelbelasting ten opsigte van eiendom soos bedoel in subartikel 3(2)(a) word gereël ingevolge die bepaling van artikel 11(a) van die *Boedelbelastingwet*.

6.1 Samevatting van subartikel 11(a)

Betreffende eiendom bedoel in subartikel 3(2)(a) of 3(2)(b) is die aanspreeklike persoon

die persoon aan wie enige voordeel by die dood van die oorledene⁸⁷ toeval (the person to whom any advantage accrues by the death of the deceased).⁸⁸ (Eie vetdruk.)

Ten opsigte van enige ander eiendom is die eksekuteur aanspreeklik vir die betaling van boedelbelasting⁸⁹.

6.2 Belangrike fasette van subartikel 11(a)(i).

Subartikel 11(a)(i) is van kardinale belang by die bepaling van die belastingpligtige. Appèlregter Potgieter het dit in die *Jordaan-saak* soos volg gestel:⁹⁰

86 *MacNeillie's Estate v CIR* 1961 3 SA 833 (A) 839; *SBI v Jordaan* 1967 3 SA 329 (A) 336.

87 Die "oorledene" is die oorledene wat die reg op genot van so 'n fidusiêre reg, vruggebruik of ander derglike reg op goed gehou het en nie die oorlede testateur nie.

88 A 11(a)(i). Hoewel die persoon aan wie die voordeel toeval vir die betaling van boedelbelasting aanspreeklik is, is die belasting in die eerste instansie verhaalbaar van die eksekuteur, aan wie daar dan 'n verhaalsreg verleen word teen die persoon wat ingevolge subartikel 11(a)(i) aanspreeklik is vir die betaling daarvan. Die aanspreeklikheid van die eksekuteur is egter beperk tot 'n aanspreeklikheid in sy hoedanigheid as eksekuteur vir 'n bedrag van hoogstens die beskikbare bates in die boedel. Sien artikels 12 en 13.

89 A 11(a)(ii).

90 *SBI v Jordaan* 1967 3 SA 329 (A) 336.

Ek is van oordeel dat dit volgens die Wetsvoorskrifte ... blyk dat belastingaanspreeklikheid slegs bepaal kan word wanneer daar 'n belastingpligtige gevind kan word en wanneer die belasbare bedrag vasgestel kan word.

By die lees van subartikel 11(a)(i) val dit op dat daar nie net sekere verskille tussen die woordgebruik van die Afrikaanse en die Engelse tekste is nie, maar dat daar ook verskille is tussen die woordgebruik van hierdie artikel en die woordgebruik van subartikel 5(1)(b). Ons let vervolgens hierop.

6.2.1 *Verskil in betekenis van uitdrukkings in die Afrikaanse en Engelse tekste*

In die Engelse teks van subartikel 5(1)(b) word die woorde '*by the death of the deceased*' gebruik in teenstelling met die woorde "by die dood" van die Afrikaanse teks. In *SBI v Jordaan en 'n Ander* het appèlregter Potgieter, vir die doeleindes van daardie uitspraak, aanvaar dat die woorde vertolk moet word om te beteken "as gevolg van die dood van die oortledene" en nie "ten tyde van die dood" nie.⁹¹

Die uitleg van die woorde "by the death of the deceased" het, na die invoeging van die derde voorbehoudsbepaling in subartikel 5(1)(b), weer ter sprake gekom in *Jackson v Secretary for Inland Revenue*⁹² waar die probleem wat bereg moes word, gewentel het om die bepaling van aanspreeklikheid van ongeïdentifiseerde begunstigdes van 'n trust.

In hierdie saak het die appèlhof bevind dat die uitdrukkings "accrues by the death of the deceased" en "by die dood van die oortledene toeval", nie noodwendig 'n toevalling by die dood impliseer nie maar dat die betekenis uitgebrei moet word om 'n toevalling na die dood en as gevolg van die dood in te sluit. Ten einde uitvoering aan die derde voorbehoudsbepaling van subartikel 5(1)(b) te kan gee, moet hierdie twee uitdrukkings so uitgelê word dat dit die wyer betekenis insluit.⁹³

91 *SBI v Jordaan en 'n Ander* 1967 3 SA 329 (A) 336.

92 1969 3 SA 217 (A).

93 1969 3 SA 217 (A) 225.

6.2.2 *Verskil in woordgebruik in subartikel 5(1)(b) en subartikel 11(a)(i)*

Waar subartikel 5(1)(b) melding maak van 'n persoon wat "*op 'n reg van genot geregtig word*", verwys subartikel 11(a)(i) na "*die persoon aan wie enige voordeel by die dood van die oorledene toeval*" (the person to whom any advantage accrues by the death of the deceased). (Eie vetdruk.)

6.2.2.1 "n Reg van genot" en "enige voordeel"

In *Sekretaris van Binnelandse Inkomste v Jordaan & 'n Ander*⁹⁴ het appèlregter Potgieter die mening uitgespreek dat, om vas te stel wie die persoon is wat vir belasting aanspreeklik is, dit nie voldoende sou wees as aan daardie persoon 'n vae of indirekte voordeel toeval nie. Die voordeel moet ten minste gelyk staan aan 'n reg van genot op die goed waarop 'n oorledene 'n reg soos beoog in a 3(2)(a) gehad het.⁹⁵

In *Visser NO v Die Sekretaris van Binnelandse Inkomste*⁹⁶ het regter Smuts opgemerk dat, as subartikel 11(a)(i) saamgelees word met subartikel 5(1)(b), die woorde '*enige voordeel*' verstaan moet word in die sin van enige voordeel soos beskryf in subartikel 5(1)(b). Indien die wetgewer bedoel het om aan die woorde "*enige voordeel*" 'n wyer betekenis te gee, sou 'n mens verwag het dat hy al in subartikel 5(1)(b) soortgelyke woorde sou gebruik het.

In *Commissioner for Inland Revenue v MacNeillie's Estate*⁹⁷ het die appèlhof bevind dat die voordeel wat deur subartikel 11(a)(i) beoog word "a beneficial advantage" is. In sy uitspraak in hierdie saak het hoofregter Steyn dit soos volg geformuleer:

From sec 5(1)(b) and (2), which deal with the value, for the purposes of the assesment of the duty, this species of 'property' included in the estate, it appears that the 'advantage' mentioned in sec 11(a)(i) is a right of enjoyment

94 1967 3 SA 329(A) 336.
 95 1968 2 SA 78(O) 84.
 96 1968 2 SA 78(O) 84.
 97 1961 3 SA 833A 840.

of property in which the fiduciary, usufructuary, or other like interest was held by the deceased.⁹⁸

Uit hierdie uitsprake kan dus afgelei word dat die woord "voordeel" verstaan moet word as 'n gevestigde reg op genot. Dit sluit nie 'n blote spes of 'n vae indirekte voordeel in nie. Die voordeel staan in direkte verband met die mate waarin die begunstigde geregtig word op die reg van genot van die eiendom ten opsigte waarvan die oorledene 'n reg van genot gehad het. Verder moet dit ook 'n voordelige voordeel ("beneficial advantage") wees. Daar kan dus nie 'n voordeel aan 'n trust of trustee toeval by die dood van 'n oorledene nie.⁹⁹

6.2.2.2 "Geregtig word" en "toeval"

Die woord "toeval" word nie in die *Boedelbelastingwet* gedefinieer nie en voor die lewering van die uitspraak in *Commissioner, South African Revenue Service v Executor, Frith's Estate*¹⁰⁰ was daar ook geen uitspraak wat spesifiek oor die betekenis van die woord in die *Boedelbelastingwet* gehandel het nie.

Vir 'n geruime tyd was daar uiteenlopende menings oor die betekenis van die woord "toeval" (accrue) in die *Inkomstebelastingwet*.¹⁰¹ Die appèlhof het in *Commissioner for Inland Revenue v People's Stores (Walvis Bay)(Pty)Ltd*¹⁰² beslis dat 'n persoon aan wie 'n bedrag toeval (accrues) geregtig word op (becomes entitled to) die bedrag.

Ten opsigte van die uitdrukking "a right accrued" in subartikel 12(2) van die *Interpretasiewet*¹⁰³ het die Hoogste Hof van Appèl in *Chairman, Board on Tariffs and Trade v Volkswagen of SA (Pty) Limited*¹⁰⁴ beslis dat

98 P 224.

99 *CIR v Mac Neillies Estate* 1961 3 SA 833; *CIR v Jacobson's Estate* 1961 3 SA 841 (A).

100 2001 2 SA 261 (HHA).

101 Wet 58 van 1962.

102 1990 2 SA 353 (A) 367.

103 Wet 33 van 1957.

104 2001 2 SA 372 (HHA) 380.

a right accrued when all the conditions for its existence in relation to a particular beneficiary were met.

In *Commissioner, South African Revenue Service v Executor, Frith's Estate*¹⁰⁵ het waarnemende appèlregter Brand ten opsigte van die woord "accrue" in subartikel 4(q) die volgende opmerking gemaak:

It is clear, in my view, that the words 'accrues to' in the section must be understood to mean 'entitled to'.¹⁰⁶

Op grond van die voormelde uitsprake kan die afleiding gemaak word dat daar nie enige verskil bestaan tussen die uitdrukking *geregtig word* en die woord *toeval* in die sin waar die woord op 'n reg betrekking het nie.

6.2.3 Die verband tussen subartikel 11(a)(i) en die derde voorbehoudsbepaling van artikel 5(1)(b)

Die verband tussen hierdie twee bepalinge is veral belangrik by die bepaling van aanspreeklikheid vir die betaling van boedelbelasting as gevolg van die dood van die eerste vruggebruiker.

In *Jackson & Others v Secretary for Inland Revenue*¹⁰⁷ het appèlregter Steyn opgemerk dat die derde voorbehoudsbepaling nie buite rekening gelaat kan word by die bepaling van die betekenis van subartikel 11(a)(i) nie. Ons het reeds daarop gewys¹⁰⁸ dat die appèlhof in hierdie saak bevind het dat die uitdrukkings "accrues by the death of the deceased" en "by die dood van die oorledene toeval", nie noodwendig 'n toevalling (accrual) by die dood impliseer nie maar dat die betekenis uitgebrei moet word om 'n toevalling na die dood en as gevolg van die dood in te sluit.

105 2001 2 SA 261 (HHA) 272.

106 Hoewel appèlregter Plewman in die meerderheidsuitspraak nie van hierdie siening verskil het nie, het hy 'n stappie verder gegaan en opgemerk: "The primary meaning of the word 'accrue' would thus seem to me to involve a nuance which contrasts it with a meaning such as 'has been received' or will be actually received". 2001 2 SA 261 (HHA) 274.

107 1969 2 SA 217 (A) 225.

108 Par 6.2.1.

Die hof het dus aanvaar dat die derde voorbehoudsbepaling van artikel 5(1)(b) die trefwydte van artikel 11(a)(1) uitgebrei het om ook in te sluit 'n toevalling na die dood en as gevolg daarvan.

Ingevolge die derde voorbehoudsbepaling is dit dus moontlik om "eiendom" te waardeer hoewel die persoon of persone wat op die reg van genot van die eiendom geregtig word, eers op 'n tydstip na die dood van die oorledene aldus geregtig sal word en die "voordeel", soos bedoel in subartikel 11(a)(i), eers op 'n latere onsekere datum sal "toeval".

6.3 Toepassing van subartikel 11(a)(i)

6.3.1 *Toepassing by die staking van die eerste vruggebruik.*

Vir die bepaling van belastingpligtigheid by die staking van die eerste vruggebruik as gevolg van die dood van die vruggebruiker, moet ons ingevolge die bepalings van subartikel 11(a)(i) vasstel aan wie daar as gevolg van die dood van die oorledene¹⁰⁹ enige voordeel toeval.

Dit is voor die hand liggend dat daar as gevolg van die afsterwe van die eerste vruggebruiker 'n voordeel toeval aan die *interim*-vruggebruiker. Hy word geregtig om die vruggebruik ten opsigte van die betrokke eiendom uit te oefen en is gevolglik ook aanspreeklik vir die betaling van boedelbelasting.

Die vraag is egter of daar nie as gevolg van die dood van die eerste vruggebruiker ook enige voordeel aan die blooteienaar toeval nie.

Die enigste voordeel wat die blooteienaar by die afsterwe van die eerste vruggebruiker moontlik toeval, is die feit is dat die onsekerheid oor die datum van *dies venit* ten opsigte van sy reg op die genot van die eiendom uit die weg geruim is. By 'n vastetermyn-*interim*- beperkte reg weet hy nou presies wanneer die *interim*-

¹⁰⁹ Die verwysing na die oorledene in a 11(1)(a) het klaarblyklik betrekking op die oorlede eerste beperktereghebbende en nie op die oorlede testateur nie.

beperkte reg ten einde sal loop en vanaf welke datum die volle eiendomsreg ten opsigte van die eiendom in hom sal vestig indien hy die *interim*-reghebbende sou oorlewe.

In die lig van die bevindings in *Sekretaris van Binnelandse Inkomste v Jordaan en 'n Ander*¹¹⁰ en *Jackson & Others v Secretary for Inland Revenue*¹¹¹ is dit duidelik dat hierdie voordeel as 'n "vae en indirekte voordeel" beskou sal word en nie 'n voordeel is soos bedoel in subartikel 11(a)(i) nie.

By die afsterwe van die eerste vruggebruiker val daar dus slegs 'n voordeel soos bedoel in subartikel 11(a)(i) aan die *interim*-beperktereghebbende toe. Op daardie tydstip val daar egter nie, as gevolg van die dood van die eerste vruggebruiker, enige voordeel aan die blooteienaar toe nie.¹¹²

6.3.2 *Toepassing by die staking van die interim-vruggebruik as gevolg van tydsverloop*

By die staking van die *interim*-beperktereg vanweë tydsverloop¹¹³ is daar nie sprake van 'n persoon aan wie enige voordeel toeval as gevolg van die dood van 'n oorledene nie. Die voordeel val toe weens die staking van die *interim*-beperktereg vanweë tydsverloop soos bepaal in die testament van die erflater. Daar ontstaan dus nie enige aanspreeklikheid ingevolge subartikel 11(a)(i) nie.

Al sou daar ook enige aanspreeklikheid ontstaan het, bevat subartikel 5(1)(b) in elk geval geen voorskrifte vir die bepaling van die wyse van die kapitalisering van die reg van genot van 'n stakende beperkte reg vanweë tydsverloop nie.¹¹⁴

Daar is derhalwe geen boedelbelasting betaalbaar by die staking van 'n *interim*-vruggebruik vanweë tydsverloop nie.

110 1967 3 SA 329 (A) 336. Sien par 6.2.2.1 hierbo.

111 1969 3 SA 217 A 224. Sien par 6.2.1 hierbo.

112 Sien ook 1988 *The Taxpayer* 159.

113 Indien die *interim* vruggebruiker voor die verstryking van die bepaalde tydskuur te sterwe kom, sal daar natuurlik boedelbelasting betaalbaar wees Sien par 6.3.3.

114 Sien par 5.3.2.

6.3.3 *Toepassing by die staking van die interim-vruggebruik as gevolg van die afsterwe van die interim-vruggebruiker*

By die staking van die *interim*-beperkte reg vanweë die afsterwe van die *interim*-vruggebruiker val daar 'n voordeel toe aan die uiteindelijke reghebbende as gevolg van die dood van 'n oorledene en sal hy (die uiteindelijke reghebbende) ingevolge subartikel 11(a)(i) aanspreeklik wees vir die betaling van boedelbelasting.

Die vraag ontstaan nou of die reg van genot wat die blooteienaar in hierdie geval toeval, gekapitaliseer moet word slegs oor die onverstreke gedeelte van die *interim*-beperkte reghebbende se termyn, en of dit oor die verwagte lewensduur van die uiteindelijke reghebbende gekapitaliseer moet word.

Subartikel 5(1)(b) maak slegs in een geval voorsiening vir die kapitalisasie oor 'n korter termyn as die verwagte lewensduur van die persoon aan wie die reg van genot toeval: Indien die reg van genot gehou moet word vir 'n periode korter as die verwagte lewensduur van die persoon aan wie dit toeval, moet dit oor daardie korter tydperk gekapitaliseer word.

By die staking van die *interim*-beperkte reg vanweë die afsterwe van die *interim*-vruggebruiker, moet die reg van genot wat die blooteienaar toeval dus oor die verwagte lewensduur van die blooteienaar gekapitaliseer word.¹¹⁵

6.3.4 *Toepassing van subartikel 11(a)(i) saamgelees met die derde voorbehoudbepaling*

Die derde voorbehoudbepaling kan slegs van toepassing wees indien dit, by die staking van die oorledene se reg, onmoontlik is om voor 'n toekomstige datum die persoon of sommige van of al die persone vas te stel wat op die reg van genot van die eiendom geregtig sal word.

115 Boedelbeplanners behoort hiermee rekening te hou en voorsorg te tref. Sien par 9.

Boedelbeplanners behoort derhalwe besondere voorsorg te tref dat daar by die afsterwe van 'n beperktereghebbende geen onsekerheid bestaan oor wie die persone is wat by sy dood op die reg van genot geregtig sal word nie.

6.4 Gevolgtrekkings

6.4.1 By die afsterwe van die eerste vruggebruiker val daar wel 'n voordeel soos bedoel in subartikel 11(a)(i) aan die *interim*-vruggebruiker toe, maar nie aan die blooteienaar nie.

6.4.2 By die staking van die *interim*-vruggebruik vanweë tydsverloop is daar nie sprake van 'n persoon aan wie enige voordeel toeval as gevolg van die **dood van 'n oorledene** nie en daar ontstaan dus ook nie ingevolge subartikel 11(a)(i) enige belastingpligtigheid vir die blooteienaar in wie die vruggebruik dan vestig nie.

6.4.3 Wanneer die gevolgtrekkings waartoe geraak is na die ontleding van subartikel 5(1)(b) nou ook in gedagte gehou word, kan tot die volgende slotsom gekom word:

- (a) Die toepassing van die besparingsmetode is nie strydig met die bepalinge van die *Boedelbelastingwet* nie.
- (b) Deur hierdie metode word die kunsmatigheid van die waardasievoorskrifte benut om 'n besparing ten opsigte van boedelbelasting te bewerkstellig.

7 Beoordeling van die regspraak waarop die voorstanders van die besparingsmetode steun

Soos reeds hierbo¹¹⁶ aangedui het die skrywers oor die besparingsmetode almal in 'n mindere of meerdere mate op die uitspraak in die *Basset*-saak¹¹⁷ gesteun as gesag vir die siening dat die waarde van die stakende vruggebruik van die eerste vruggebruiker bereken moet word slegs oor die beperkte tydperk van die daaropvolgende vruggebruik en nie ook oor die lewensverwagting van die persoon in wie die vruggebruik uiteindelik sal vestig nie.

(a) Uiteensetting van die feite

Ingevolge die bepalings van 'n trustakte moes die inkomste van 'n trust by die afsterwe van die seun van die oprigter gelykop onder die seun se kinders verdeel word. Elkeen van die seun se kinders sou, sodra hulle dertig jaar oud word, geregtig word op 'n gelyke aandeel in die trustkapitaal. Indien 'n kind te sterwe kom voor die bereiking van dertigjarige ouderdom, sou sy gedeelte op sy kinders vererf.¹¹⁸

Die seun van die trustoprigter het te sterwe gekom en het slegs een minderjarige seun nagelaat. Die Kommissaris van Binnelandse Inkomste het die waarde van die vruggebruik in die boedel van die seun van die trustoprigter oor die verwagte lewensduur van die minderjarige seun gekapitaliseer.

Die minderjarige se voog het aangevoer dat die waarde van die vruggebruik ingevolge die bepalings van subartikel 5(b)(iii) van die *Sterfrechtenwet* slegs

116 Sien par 2.

117 1961 4 SA 769 (D).

118 Die bepalings van die onderskeie trustaktes in hierdie saak en die Jackson-saak stem in 'n groot mate ooreen. Die enigste en baie belangrike verskil was dat die minderjarige in die *Basset*-saak 'n gevestigde reg op die trustinkomste verkry het, terwyl die trustee in die *Jackson*-saak 'n diskresie gehad het om inkomste aan die begunstigde te betaal.

gekapitaliseer moes word vanaf die datum van afsterwe van die begunstigde tot op die datum waarop die minderjarige seun dertigjarige ouderdom sou bereik.¹¹⁹

Die advokaat van die voog van die minderjarige het aangevoer dat die minderjarige slegs 'n voorwaardelike (contingent) reg op die trustkapitaal het. Die voorwaarde was dat hy dertig jaar oud moes word. Sou hy te sterwe kom voordat hy dertig jaar oud word, sou die trustkapitaal in sy kinders vestig. Hy het verder aangevoer dat die voorwaardelike reg nie belasbaar was terwyl dit nog voorwaardelik was nie.¹²⁰

Die advokaat wat namens die Kommissaris van Binnelandse Inkomste opgetree het, het betoog dat, ingevolge die trustakte, daar geen beperking geplaas is op die tydperk waartydens die minderjarige die inkomste sou ontvang nie en dat hy dit gevolglik lewenslank sou ontvang.

(b) Uitspraak

Ten opsigte van die betoog van die advokaat wat namens die Kommissaris van Binnelandse Sake opgetree het, het waarnemende regter Warner die volgende opmerking gemaak:¹²¹

Because he is the only child he is entitled, on reaching the age of thirty, to receive from the trustees the capital of the trust. Thereafter the trust has no capital in which he can have a 'usufructuary or other like interest', and, therefore, the interest given to him in terms of clause (c) must cease when he reaches the age of thirty years. It is true that thereafter he has all the income which the assets which previously represented the capital of the trust may bring in, but he then receives it qua owner of those assets, and not as a person holding a 'usufructuary or other like interest' in those assets.

119 Subartikel 5(b)(iii) van die *Sterfrechtenwet* lui soos volg:

(iii) where the person to whom the advantage or benefit accrues acquires on the cessation of the interest of the deceased a usufructuary or other like interest only the value shall be determined by capitalising at six per centum over the expectation of life of such person or if the said interest is to be held for a lesser period over such lesser period, the annual value of the interest so ceasing.'

120 P 771.

121 P 772.

Waarnemende regter Warner het uiteindelik beslis dat die waarde van die reg op inkomste wat die minderjarige toegeval het, gekapitaliseer moes word tot op die datum waarop die minderjarige dertig jaar oud sou word.

(c) Eie mening

Die korrektheid van die opmerking van die waarnemende regter wat hierbo aangehaal¹²² is, moet bevraagteken word. Ingevolge die bepalinge van artikel 5(b)(iii) van die *Sterfrechtenwet* moet die waarde van 'n voordeel wat iemand toeval, bepaal word deur die kapitalisasie daarvan oor die verwagte lewensduur van die persoon aan wie dit toeval of, indien dit vir 'n korter tyd toeval, oor sodanige korter tyd. Al voordeel wat aan die minderjarige seun by die afsterwe van sy vader toegeval het, was die reg op die trustinkomste totdat hy dertig jaar oud sou word. Die vraag of die minderjarige daardie reg verkry in sy hoedanigheid as eienaar of "as as a person holding a usufructuary or other like interest in those assets" is, in soverre dit betref die waardasie van die reg op genot wat die oorledene geniet het, irrelevant. Dit is slegs die hoedanigheid waarin die oorledene die reg op genot gehad het wat van belang is by die toepassing van subartikel 5(1)(b) en subartikel 11(a)(i).¹²³

Hoewel die skrywer van mening is dat die hof die korrekte beslissing gegee het met betrekking tot die wyse van kapitalisasie, blyk dit ongelukkig nie duidelik uit die uitspraak op welke regsgronde die hof vir sy bevinding gesteun het nie.

Cameron en andere is van mening dat die uitspraak foutief is en maak die volgende opmerking :

We take the view that the decision is wrong, and that the grandchild became entitled on his parent's death to the right of enjoyment enjoyed by the latter for the whole period of his lifetime. Otherwise the provisions of the act could be avoided by the simple device of giving the successor the income for the first day after the predecessor's death and the capital on the second day.¹²⁴

122 P 31.

123 Sien ook Cameron ea *Honoré's Law of Trusts* 480.

124 Cameron ea *Honoré's Law of Trusts* 480.

Die skrywer stem nie saam met hierdie siening nie. Al voordeel wat aan die minderjarige seun toegeval het by die afsterwe van sy vader was die reg op die trustinkomste totdat hy dertig jaar oud sou word. Die reg op die trustkapitaal sou hom eers toeval by bereiking van dertigjarige ouderdom. By die afsterwe van sy vader het hy slegs 'n voorwaardelike reg op die trustkapitaal verkry.¹²⁵ Die feit dat die bepalings van die wet, soos die skrywers aandui, op 'n eenvoudige manier omseil kan word, is nie ter sake by die beoordeling van die korrektheid van die uitspraak nie. Die vraag wat beantwoord moet word, is slegs welke regte die minderjarige seun verkry het by die staking van die reg van die oorledene.¹²⁶

Hoewel die tersaaklike bewoording van die *Sterfrechtenwet* in 'n mate ooreenstem met die bewoording van subartikel 5(1)(b) van die *Boedelbelastingwet*, is die skrywer van mening dat hierdie uitspraak, vanweë die volgende oorwegings, beperkte steun bied vir die standpunt dat die waarde van die *interim*-beperkte reghebbende se reg slegs oor die duur van die *interim*-beperkte reg bereken moet word:

- (a) Die regter het nie duidelik aangedui op welke gronde hy sy uitspraak en bevindinge baseer het nie. Die uitspraak is egter op so 'n wyse geformuleer dat die indruk geskep word dat die regter vir sy uiteindelijke bevinding in 'n groot mate gesteun het op sy foutiewe siening waarna in paragraaf (b) hieronder verwys word.
- (b) Die regter se siening dat die hoedanigheid waarin die oorledene se opvolgerin-titel die reg op genot uitoeven van belang is by die waardasie van die reg op genot by die afsterwe van die oorledene¹²⁷ is foutief.
- (c) In hierdie saak was daar nie van 'n *interim*-beperkte reghebbende en 'n uiteindelijke reghebbende ter sprake soos wat gewoonlik die geval is by die

125 Sien ook Van Wijk 1977 *THRHR* 163.

126 Die *Sterfrechtenwet* gebruik die woorde "...acquires on the cessation of the interest of the deceased ..."

127 Sien par 7(b).

toepassing van die besparingsmetode nie. Die moontlike belastingpligtigheid al dan nie van die uiteindelijke reghebbende was dus ook nie ter sprake nie.

8 Belastingvermyding of belastingontduiking

Die vraag ontstaan in welke mate die aanwending van die besparingsmetode 'n belastingvermyding of 'n belastingontduiking is.

Belastingvermyding is 'n poging om belastingpligtigheid deur middel van wettige metodes tot die minimum te beperk.¹²⁸ Dit staan die belastingbetaler vry om sy sake so te orden dat belastingpligtigheid beperk word.¹²⁹

Belastingontduiking daarenteen, is die gebruik van onwettige metodes om belastingpligtigheid te verminder, byvoorbeeld deur die vervalsing van boeke, die onderverklaring van inkomste en die valslike nie-verklaring van inkomste.¹³⁰

Die *Boedelbelastingwet* bevat nie 'n algemene teenvermydingsbepaling soos artikel 103 van die *Inkomstebelastingwet*¹³¹ nie.

Artikel 103 van die *Inkomstebelastingwet* het 'n baie beperkte toepassing op boedelbelasting in die sin dat wanneer dit 'n boedelbeplanner se oogmerk is om boedelbelasting te bespaar deur middel van 'n abnormale skema en die skema dan ook 'n besparing van inkomstebelasting tot gevolg het, hierdie artikel van toepassing sal wees op die besparing van inkomstebelasting.¹³²

128 Huxham & Haupt *Suid-Afrikaanse Inkomstebelasting* 285; Kourie & Oosthuizen *Tax and Trusts Easiguide* 192.

129 In *Ayrshire Pullman Motor Services v Commissioners* 14 SATC 754 was die standpunt van die hof dat "no man in this country is under the smallest obligation, moral or other, so to arrange his legal relations to his business or to his property so as to enable the inland revenue to put the largest shovel in his stores".

130 Huxham & Haupt *Suid-Afrikaanse Inkomstebelasting* 285; Kourie & Oosthuizen *Tax and Trusts Easiguide* 192.

131 Wet 58 van 1962.

132 A103(7). Hierdie subartikel is ingevoeg agv. die uitspraak in *SIR v Gallagher* 1978 2 SA 463 (A), waar die belastingbetaler suksesvol aangevoer het dat sy oogmerk die besparing van boedelbelasting was en nie die besparing van inkomstebelasting nie.

In die lig van die gevolgtrekking waartoe daar gekom is dat die besparingsmetode nie strydig is met die bepalings van die *Boedelbelastingwet* nie, kan daar dus nie by die toepassing van die metode sprake van enige belastingontduiking wees nie.

Waar die benoeming van 'n *interim*-beperkte reghebbende egter nie soseer gemik is op die bevoordeling van die *interim*-beperkte reghebbende as op die besparing van boedelbelasting nie, sou die toepassing van die metode sekerlik neerkom op die vermyding van boedelbelasting. Daar is egter geen bepaling in die *Boedelbelastingwet* wat die vermyding van boedelbelasting verbied nie.

Ingevolge die bepalings van artikel 28 van die *Boedelbelastingwet* is dit 'n misdryf om, met betrekking tot 'n aangeleentheid waarvoor die wet handel, 'n bedrieglike of valse verklaring of voorstelling te maak, met die wete dat dit bedrieglik of vals is. Die vraag ontstaan gevolglik of daar 'n plig rus op 'n eksekuteur om die bestaan van 'n opeenvolgende vruggebruik in 'n boedelbelastingopgawe of andersins aan die Kommissaris van Binnelandse Inkomste te openbaar.

Ten opsigte van die beperkte regte bedoel in subartikel 3(2)(a) wat 'n oorledene onmiddellik voor sy dood besit het, verlang die voorgeskrewe boedelbelastingopgawevorm (SAID vorm Ink 267) slegs besonderhede van die "persoon wat by die verstryking van die oorledene se reg op die reg op die genot van die goed geregtig word", asook die tydperk waarvoor sodanige persoon die reg op genot moet hou. Geen besonderhede word verlang oor die persoon wat na die verstryking van die reg van laasgenoemde persoon op die reg van genot geregtig mag word nie.

9 Enkele praktiese oorwegings by die aanwending van die besparingsmetode as boedelbeplanningsinstrument¹³³

9.1 Die vermindering in waarde van 'n vruggebruik wat bewerkstellig kan word deur die benoeming van 'n interim-vruggebruiker

Die omvang van die vermindering in waarde wat bewerkstellig kan word deur die aanwending van die besparingsmetode kan geïllustreer word aan die hand van die volgende feitestel:

A bemaak sy sakegebou aan sy kleinseun C onderhewig aan 'n lewenslange reg van vruggebruik ten gunste van sy (A se) seun B.

B se ouderdom toe A te sterwe kom	61
Waarde van sakegebou toe A te sterwe kom	R2 000 000,00
Waarde van vruggebruik vir B toe A te sterwe kom	R1 562 956,80
C se ouderdom toe B te sterwe kom	42
Waarde van sakegebou toe B te sterwe kom	R3 000 000,00
Waarde van vruggebruik vir C toe B te sterwe kom	R2 859 638,40
Toepassing van tweede voorbehoudsbepaling van subartikel 5(1)(b)	
Markwaarde by verstryking van vruggebruik	R3 000 000,00
Minus waarde van blote eiendomsreg ten tyde van verkryging daarvan	<u>R 437 043 ,00</u>
	R2,562 956,80
Waarde van B se stakende vruggebruik waarop C aanspreeklik sal wees vir boedelbelasting	R2,562 956,80 ¹³⁴

¹³³ Vanweë die beperking op die lengte van die werk kan die skrywer nie 'n volledige uiteensetting gee oor die aanwending van die besparingsmetode as 'n boedelbeplannings-instrument nie. Ons konsentreer dus slegs op enkele praktiese aspekte. Boedel-beplanners moet by die aanwending van die besparingsmetode onder andere ook deeglik rekening hou met die implikasies van kapitaalwinsbelasting en belasting op toegevoegde waarde.

¹³⁴ Vir die volledige berekening sien Berekening 1 in BYLAE 1.

Indien A in sy testament voorsiening gemaak het vir die skepping van 'n *interim*-vruggebruik van twee jaar ten gunste van C se twee kinders X en Y na die afsterwe van B sou die waarde van B se stakende vruggebruik vir doeleindes van boedelbelasting R608 400,00 bedra het.¹³⁵

9.2 Enkele oorwegings by die benoeming van 'n *interim*-beperkte reghebbende

9.2.1 Die benoeming van 'n openbare weldaadsorganisasie as 'n *interim*-beperkte reghebbende

Ingevolge die bepaling van artikel 4(h) van die Boedelbelastingwet¹³⁶ word as 'n korting toegelaat die waarde van enige eiendom wat toeval aan –

- (i) enige openbare weldaadsorganisasie wat ingevolge artikel 10(1)(cN) van die Inkomstebelastingwet¹³⁷ van inkomstebelasting vrygestel is, of
- (ii) enige instelling, raad of liggaam wat ingevolge artikel 10(1)(cA)(i) van die Inkomstebelastingwet¹³⁸ van belasting vrygestel is en wat as sy enigste of vernaamste oogmerk het die beoefening van enige openbare weldaadsaktiwiteit soos beoog in artikel 30 van die Inkomstebelastingwet.¹³⁹

Indien 'n openbare weldaadsorganisasie aangewys word as *interim*-vruggebruiker is daar dus geen boedelbelasting betaalbaar ten opsigte van die *interim*-vruggebruik nie aangesien die waarde van die vruggebruik ingevolge artikel 4(h) toegelaat word as 'n korting. Ten einde te bepaal of dit voordelig sou wees om 'n openbare weldaadsorganisasie as *interim*-beperkte reghebbende aan te wys, moet die verlies

135 Sien Berekening 2 in BYLAE 1. Vir die toedeling van die aanspreeklikheid vir boedelbelasting tussen die boedel en beperkte reghebbendes sien Meyerowitz *Administration of Estates* 30-16 tot 30-17.

136 Wet 45 van 1955.

137 Wet 58 van 1962.

138 Wet 58 van 1962.

139 Wet 58 van 1962.

aan inkomste tydens die *interim*-periode opgeweeg word teen die besparing aan boedelbelasting wat andersins betaalbaar sou wees.¹⁴⁰

9.2.2 Enkele of meerdere *interim*-beperktereghebbendes

Die skrywer het reeds daarop gewys¹⁴¹ dat, by die staking van die *interim*-beperktereg vanweë die afsterwe van 'n *interim*-beperktereghebbende, daar 'n voordeel toeval aan die uiteindelijke reghebbende as gevolg van die dood van 'n oorledene en dat die uiteindelijke reghebbende ingevolge subartikel 11(a)(i) aanspreeklik sal wees vir die betaling van boedelbelasting. In so 'n geval word die reg van genot wat die blooteienaar toeval oor die verwagte lewensduur van die blooteienaar gekapitaliseer en nie slegs oor die onverstreke gedeelte van die *interim*-vruggebruik nie.¹⁴²

Die omvang van die boedelbelasting wat betaalbaar is by die afsterwe van 'n *interim*-beperktereghebbende kan beperk word deur die aanwysing van meer as een *interim*-beperktereghebbende.

Indien byvoorbeeld twee *interim*-beperktereghebbendes aangewys word, sal die waarde van die eerssterwende *interim*-beperktereghebbende se onverstreke vruggebruik wat die langlewende *interim*-beperktereghebbende toeval, gekapitaliseer word oor die onverstreke gedeelte van die *interim*-vruggebruik van die langlewende *interim*-beperktereghebbende en nie oor sy lewensverwagting nie.¹⁴³

Ten einde die boedelbelastingimplikasies van die afsterwe van 'n *interim*-beperktereghebbende te elimineer, kan oorweging geskenk word aan die aanwysing van 'n regspersoon as 'n *interim*-beperktereghebbende.

140 Sien ook Redaksioneel 1987 *The Taxpayer* 205.

141 Par 6.4.3.

142 Sien par 6.4.3.

143 Indien 'n reg van genot gehou moet word vir 'n tydperk korter as die verwagte lewensduur van die persoon aan wie dit toeval, moet dit ingevolge die bepalings van subartikel 5(1)(b) oor daardie korter tydperk gekapitaliseer word.

9.3 Voorsiening deur die erflater of die trustoprigter vir die betaling van die boedelbelasting waarvoor die interim-beperkte reghebbende aanspreeklik mag wees.

Wanneer boedelbeplanners 'n *interim*-beperkte reg skep, behoort hulle in die testament of trustakte waarkragtens die *interim*-beperkte reg geskep word, voorsiening te maak vir die betaling deur die boedel of die trust van die boedelbelasting waarvoor die *interim*-beperkte reghebbende aanspreeklik mag word.¹⁴⁴ Indien sodanige voorsiening nie gemaak word nie, kan dit 'n onbillike las vir die *interim*-beperkte reghebbende skep.¹⁴⁵

10 Samevatting

In hierdie skripsie is ondersoek ingestel na die regsgeldigheid van die besparing ten opsigte van boedelbelasting wat teweeg gebring word deur die benoeming van een of meer *interim*-beperkte reghebbendes na die afsterwe van die eerste beperkte reghebbende.

In die ondersoek na die regsgeldigheid van die metode van besparing word aangedui dat, vanweë die bewoording van subartikels 5(1)(b) en 11(a)(i), die tydstip van die vestiging van beperkte regte van kardinale belang is by die waardasie van stakende beperkte regte vir boedelbelastingdoeleindes asook vir die bepaling van

¹⁴⁴ Davis ea. *Estate Planning* 12-4; Sien ook Redaksioneel 1960 *The Taxpayer* 161; Redaksioneel 1974 *The Taxpayer* 62.

¹⁴⁵ In *Bassett, NO v Platt, NO and Others* 1960 3 SA 307 (D) het die trustoprigter 'n trust geskep waarvan die inkomste aan sy seun betaalbaar sou wees tot by die afsterwe van die seun en daarna aan sy kleinseun totdat die kleinseun dertig jaar oud word. Die jaarlikse inkomste wat aan die kleinseun betaalbaar was na die afsterwe van sy vader het R7 000,00 bedra terwyl die boedelbelasting wat deur hom betaalbaar was R76 000,00 bedra het. Hoewel die kleinseun nie oor die nodige fondse beskik het om die boedelbelasting te betaal nie, het die hof geweier om 'n bevel te verleen om die trustees te magtig om die boedelbelasting uit die trustfonds te betaal.

belastingpligtigheid ten opsigte daarvan.¹⁴⁶

Daar is verder bevind dat, ten einde die waarde van 'n stakende beperkte reg en die belastingpligtigheid ten opsigte daarvan te bepaal, dit nodig is om vas te stel

- (a) in welke mate 'n opvolger-in-titel van 'n oorledene, **as gevolg van die dood** van die oorledene, op 'n reg van genot geregtig geword het; en
- (b) **aan welke persoon enige voordeel** as gevolg van die dood van die oorledene **toegeval** het.

'n Analise van die bewoording van subartikels 5(1)(b) en 11(a)(1) het die volgende aan die lig gebring:

- (a) Subartikel 5(1)(b) maak, in die geval van 'n *interim*-vruggebruik, slegs voorsiening vir die kapitalisasie van 'n eerste vruggebruiker se reg op genot oor die duur van die *interim*-vruggebruik en nie ook oor die vermoedelike lewensduur van die blooteienaar nie.
- (c) Subartikel 5(1)(b) maak nie voorsiening vir die waardasie van 'n *interim*-vruggebruik by die staking daarvan vanweë tydsverloop nie.
- (d) By die afsterwe van die eerste vruggebruiker val daar wel 'n voordeel soos bedoel in subartikel 11(a)(i) aan die *interim*-vruggebruiker toe, maar nie aan die blooteienaar nie.
- (e) By die staking van die *interim* vruggebruik vanweë tydsverloop is daar nie sprake van 'n persoon aan wie enige voordeel toeval as gevolg van die **dood van 'n oorledene** nie en daar ontstaan dus ook nie ingevolge subartikel 11(a)(i) enige belastingpligtigheid vir die blooteienaar nie.

Op grond van die ontleding van subartikels 5(1)(b) en 11(a)(i) van die Boedelbelastingwet is tot die slotsom gekom dat die toepassing van die

¹⁴⁶ Sien par 4.1

besparingsmetode nie strydig is met die bepalings van die *Boedelbelastingwet* nie en dat, met die toepassing van die metode, die kunsmatigheid van die waardasievoorskrifte benut word om 'n besparing ten opsigte van boedelbelasting te bewerkstellig.

In die lig van die gevolgtrekking waartoe gekom is dat die besparingsmetode nie strydig is met die bepalings van die *Boedelbelastingwet* nie, kan daar dus nie by die toepassing van die metode sprake wees van enige belastingontduiking nie.

Waar die benoeming van 'n *interim*-beperktereghebbende egter nie soseer gemik is op die bevoordeling van die *interim*-beperktereghebbende as op die besparing van boedelbelasting nie, sou die toepassing van die metode sekerlik neerkom op die vermyding van boedelbelasting. Daar is egter geen bepaling in die *Boedelbelastingwet* wat die vermyding van boedelbelasting verbied nie.

Dit is duidelik dat die toepassing van hierdie metode die uitwerking het om die aanspreeklikheid vir boedelbelasting te verminder. Die *Boedelbelastingwet* bevat egter nie 'n algemene teen-vermydingsbepaling soos wat in artikel 103 van die *Inkomstebelastingwet*, No 58 van 1962 vervat is nie.

Daar is dus 'n klaarblyklike leemte in die wet wat benut kan word. By die benutting daarvan behoort boedelbeplanners en boedeleienaars egter rekening te hou met die moontlikheid dat 'n wysiging van die *Boedelbelastingwet* om hierdie skuiwergat toe te stop, vroeër of later te wagte moet wees.¹⁴⁷

¹⁴⁷ Uit 'n nie-amptelike gesprek met 'n amptenaar van die SA Inkomstediens het dit geblyk dat die SA Inkomstediens bewus is van die toepassing van die metode en die besparing t.o.v. boedelbelasting wat daardeur bewerkstellig kan word, maar dat daar tans nie enige wetswysiging in die pylyn is om die skuiwergat toe te stop nie.

ABSTRACT

THE ESTATE DUTY IMPLICATIONS OF THE UTILISATION OF SUCCESSIVE LIMITED INTERESTS.

The bequest of a usufruct to one or more *interim* usufructuaries for a limited period after the decease of the first usufructuary is often utilised by estate planners to reduce the value of the ceasing limited interest and thus to effect a saving in respect of estate duty.

The saving in respect of estate duty is effected due to the fact that

- the value of the ceasing limited interest in the estate of the first usufructuary is calculated only over the duration of the period during which the *interim* usufructuary is entitled to the limited interest and not also over the life expectancy of the ultimate beneficiary, and
- that, on the cessation of the *interim* usufruct due to the efflux of time, no estate duty is payable.

The very first reference to this method appeared in an article published in *The Taxpayer* during 1965. Other authors like Meyerowitz, Silke and Stein and Davis, Beneke and Jooste also referred to this method without analysing it or investigating the legality thereof. All the aforementioned authors relied to a certain extent for their views on a judgment of acting judge Warner in *Bassett v Commissioner for Inland Revenue* (1961 4 SA 769 (D)).

This dissertation is therefore aimed at investigating the legality of the method and to focus on a few practical aspects regarding the application thereof as an estate planning instrument.

An analysis of the wording of the charging clause (section 11(a)(i) of the Estate Duty Act and the valuation clause (section 5(1) of the act) has led to the belief that, in

considering the validity of the method, it is extremely important to bear in mind the principles applicable to the vesting of testamentary rights.

In terms of the valuation clause of the Estate Duty Act the value of a ceasing limited interest for estate duty purposes is determined by capitalising the annual value of the right of enjoyment of the property in which the deceased held any such limited interest **to the extent to which the person who, upon the cessation of the said interest of the deceased in consequence of the death of the deceased, becomes entitled to any right of enjoyment of such property.**

In terms of the charging clause "the person to whom any advantage accrues by the death of the deceased" is liable for the payment of estate duty in respect of the cessation of a limited right.

In order to calculate the value of a ceasing limited interest and to determine the liability for payment of estate duty in respect thereof it is necessary to determine

- (a) the extent to which a successor in title of a deceased in consequence of the death of the deceased has become entitled to any right of enjoyment, and
- (b) to which person any advantage has accrued by the death of the deceased.

After analysing the wording of section 5(1)(b) and section 11(a)(1) the writer has come to the following conclusions:

- (a) In the case of an *interim* usufruct the right of enjoyment of the first usufructuary has to be capitalised only over the period of currency of the *interim* usufruct and not also over the life expectancy of the owner of the *nuda proprietas*.
- (b) Subsection 5(1)(b) does not make provision for the valuation of an *interim* usufruct at the termination thereof due to the efflux of time.

- (c) Upon the decease of the first usufructuary an advantage as contemplated in section 11(a)(i) accrues to the *interim* usufructuary but not to the owner of the *nuda proprietas*.
- (d) On the cessation of an *interim* usufruct due to the efflux of time there is no person to whom any advantage accrues by the death of a deceased as contemplated in subsection 11(a)(i), and consequently the owner of the *nuda proprietas* does not at that stage incur any liability for estate duty.

In view of the foregoing considerations the writer has come to the conclusion that the utilisation of this method does not constitute a contravention the provisions of the *Estate Duty Act*. The artificiality of the valuation method prescribed in terms of subsection 5(1)(b) lends itself to reducing the value of a limited interest by interposing a successor for a short period between the deceased and the ultimate beneficiary.

It follows therefore that the utilisation of this method does not constitute tax evasion.

Where the main consideration for the appointment of an intermediary usufructuary is not so much the possible benefit that may accrue to the intermediary as the limitation of estate duty, the application of the method may constitute an avoidance of estate duty. The *Estate Duty Act*, however, does not contain any general anti-avoidance provision similar to section 103 of the *Income Tax Act*.

In utilising this method estate planners should therefore bear in mind the possibility that the *fiscus* may sooner or later introduce an amendment to the Estate Duty Act to close this loophole.

Keywords

Successive limited rights/usufructs
 Cessation of limited rights
 Valuation of ceasing limited rights
 Estate duty - liability
 Estate duty - saving
 Estate duty - avoidance

BYLAE 1

BEREKENING 1

**BEREKENING VAN DIE WAARDE VAN DIE VRUGGEBRUIK BY DIE AFSTERWE VAN
VRUGGEBRUIKER B WAAR NIE 'N INTERIM VRUGGEBRUIK GESKEP IS NIE**

Waarde van bate toe vruggebruik vestig in B	R 2,000,000.00
Jaarlikse waarde van bate gekapitaliseer @ 12% per jaar	R 240,000.00
Vruggebruiker B se ouderdom volgende verjaarsdag - 62	
Jaarlikse waarde van R1.00 oor lewensverwagting	R 6.51232
Waarde van vruggebruik vir B	R 1,562,956.80
Waarde van bate by afsterwe van B	R 3,000,000.00
Jaarlikse waarde van bate gekapitaliseer @ 12% per jaar	R 360,000.00
C (blooteienaar) se ouderdom volgende verjaarsdag - 43	
Jaarlikse waarde van R1.00 oor C se lewensverwagting	R 7.94344
Waarde van voordeel wat C toeval	R 2,859,638.40
Toepassing van tweede voorbehoudsbepaling van a 5(1)(b)	
<i>Die waarde wat toeval by verstryking van vruggebruik</i>	
<i>mag nie meer wees nie as verskil tussen markwaarde by</i>	
<i>verstryking van vruggebruik en waarde van blote eiendomsreg</i>	
<i>ten tyde van verkryging van blote eiendomsreg</i>	
Waarde van vruggebruik vir B - Sien berekening hierbo	R 1,562,956.80
Waarde van blooteiendom wat C toegeval het by verkryging van	
blooteiendomsreg = Waarde van bate	R 2,000,000.00
minus waarde van B se vruggebruik	R 1,562,956.80
Daarom is waarde van blooteiendom	R 437,043.20
Markwaarde van die bates by verstryking van vruggebruik	R 3,000,000.00
Minus waarde van blote eiendomsreg by ontstaan van B se vruggebruik	R 437,043.20
	R 2,562,956.80
Daarom is waarde van voordeel wat C toeval	R 2,562,956.80

BEREKENING 2

**BEREKENING VAN DIE WAARDE VAN DIE VRUGGEBRUIK BY DIE AFSTERWE VAN
VRUGGEBRUIKER B WAAR 'N INTERIM VRUGGEBRUIK GESKEP IS**

Waarde van bate by afsterwe van B	R 3,000,000.00
Jaarlikse waarde van bate gekapitaliseer @ 12% per jaar	R 360,000.00
Jaarlikse waarde van R1.00 vir 2 jaar	R 1.6900
Waarde van voordeel wat X en Y toeval	R 608,400.00
Toepassing van tweede voorbehoudsbepaling van a 5(1)(b)	
<i>Die verskil tussen markwaarde by verstryking van die vruggebruik</i>	
<i>en die waarde van die blooteiendomsreg ten tyde van die</i>	
<i>verkryging van blote eiendomsreg - Sien BYLAE 1</i>	
	R 2,562,956.80
Daarom is waarde van voordeel wat X en Y toeval	R 608,400.00

BRONNELYS

1 BOEKE

A

Abrie ea *Boedel- en Finansiële Beplanning*

Abrie W Graham GR & van der Spuy P de W *Boedels - Beplanning en Bereddering Vol 3 Boedel- en finansiële Beplanning* 4e uitg (ProPlus Uitgewers Lynnwoodrif 2000)

B

Bouwer *Beredderingsproses*

Bouwer APJ *Die Beredderingsproses van Bestorwe Boedels* 2e uitg (JP van der Walt & Seun (Edms) Bpk Pretoria 1978)

C

Cameron ea *Honoré's Law of Trusts*

Cameron E, de Waal M, Wunsh B, Solomon P & Kahn E *Honorés South African Law of Trusts* 5e uitg (JUTA Law Lansdowne 2002)

Corbett ea *Law of Succession*

Corbett MM, Hofmeyr G & Kahn E *The law of succession in South Africa* 2e uitg (JUTA Law Lansdowne 2001)

Claasen RD (red) *Dictionary of Legal Words and Phrases*

Claassen RD *Dictionary of Legal Words and Phrases* Diensuitgawe 3 April 2001 (Buttterworhs Durban)

Cronje & Roos *Erfreg Vonnisbundel*

Cronje DSP & Roos *Erfreg Vonnisbundel* 3e uitg (Unisa Uitgewers Pretoria 1997)

D**Davis ea *Estate planning***

Davis D M, Beneke C & Jooste RD *Estate Planning* Diensuitgawe 14 Nov 2002 (LexisNexis Butterworths Durban 1998)

H**Huxham & Haupt *Suid-Afrikaanse Inkomstebelasting***

Huxham K & Haupt P *Aantekeninge oor Suid-Afrikaanse Inkomstebelasting* 2002 21e uitg (Hedron Tax Consulting and Publishing CC Roggebaai 2003)

K**Kourie & Oosthuizen *Tax and Trusts Easiguide***

Kourie MA & Oosthuizen J *Tax and Trusts Easiguide* 1994 (Digma Pretoria 1994)

M**Meyerowitz *Administration of Estates***

Meyerowitz D *The Law and Practice of Administration of Estates and Estate Duty* (The Taxpayer CC Kaapstad 2001)

O**Olivier & Van den Berg *Praktiese Boedelbeplanning***

Olivier PA & Van den Berg GPJ *Praktiese Boedelbeplanning* 1e uitg (Juta en Kie Bpk Kerwyn 1991)

P**Pace & van der Westhuizen *Wills and Trusts***

Pace RP & van der Westhuizen WM *Wills and Trusts* diensuitgawe 6 (Lexisnexis Butterworths Durban)

Pearsall J *The Concise Oxford Dictionary*

Pearsall J (red) *The Concise Oxford Dictionary* 10e uitg. (Oxford University Press New York 1999)

S

Silke & Stein *Estate Duty*

Silke Aubrey S & Stein Michael L *Estate Duty Principles and Planning* 1e uitg
(Juta & Company Limited en Divaris & Stein Publishers Johannesburg 1984)

Stein *Estate Duty*

Stein Michael L *Estate Duty Principles and Planning* 2e uitg (Butterworths
Durban 1997)

V

Van der Merwe & Rowland *Die Suid-Afrikaanse Erfreg*

Van der Merwe N J & Rowland C J *Die Suid-Afrikaanse Erfreg* 6e uitg (JP van
der Walt en Seun (Edms) Bpk Posbus 123, Pretoria 1990)

Van der Walt & Pienaar *Sakereg*

Van der Walt AJ & Pienaar GJ *Inleiding tot die Sakereg* 3e uitg (Juta & Kie
Kenwyn 1999)

W

Wiechers & Vorster *Administration of estates*

Wiechers NJ & Vorster I *Administration of Estates* (LexisNexis Butterworths
Durban 1996)

2 PROEFSKRIFTE EN VERHANDELINGS

B

Burger *Die Aanwending van artikel 4(q) en artikel 4(m) by Boedelbeplanning*

Burger S E *Die Aanwending van artikel 4(q) en artikel 4(m) van die
Boedelbelastingwet nommer 45 van 1955 by Boedelbeplanning* (LLM-
skripsie PU vir CHO 2000)

M

Maritz *Die Aanwending van Vruggebruik by Boedelbeplanning*

Maritz CJ *Die aanwending van Vruggebruik by Boedelbeplanning* (LLM-skripsie PU vir CHO)

O

Olivier *Aspekte van die Reg insake Trust en Trustee*

Olivier PA *Aspekte van die Reg insake Trust en Trustee met besondere verwysing na die Amerikaanse reg* (LLD-proefskrif Universiteit van Pretoria 1982)

S

Strydom *Aansprake van 'n Trustbegunstigde*

Strydom S *Die Aansprake van 'n Trustbegunstigde in die Suid-Afrikaanse Trustreg* (LLD-proefskrif PU vir CHO 2000)

3 VERSAMELWERKE

Badenhorst "Die aanwending van artikels 4(q) en 4(m) van die Boedelbelastingwet by Boedelbeplanning"

Badenhorst GJ "Die aanwending van artikels 4(q) en 4(m) van die Boedelbelastingwet by Boedelbeplanning" in *H L Swanepoel Lesings 1993 Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys (Departement Sentrale Publikasies Potchefstroom Universiteit vir CHO 1993)*

De Villiers "Other taxes which affect the use of trusts"

De Villiers SWL "Other taxes which affect the use of trusts" in *Consulta 3 Trusts and Estate Planning* 1e uitg. (Lex Patria Johannesburg 1980)

Erasmus ea "Wills and Succession" LAWSA vol 31

Erasmus HJ de Waal MJ & Jamneck JJ "Wills and Succession" in **Joubert WA Faris & JA LTC Harms** (reds) *The Law of South Africa* volume 31 1e heruitgawe (Butterworths Durban 2001)

4 TYDSKRIFARTIKELS

C

Cowen 1949 *SALJ*

Cowen DV "Vested and contingent rights" *SALJ* 404 – 421.

Olivier 1990 *TSAR*

Olivier L "Tax avoidance options available to the commissioner for inland revenue" *TSAR* 725-741.

R

Readers Forum 1988 *The Taxpayer*

Readers Forum *The Taxpayer* "Estate Duty: Valuation of a usufruct ceasing"
1988 *The Taxpayer* 158-159

Redaksioneel 1960 *The Taxpayer*

Redaksioneel "Payment of Estate Duty on interests ceasing" *The Taxpayer*
161-163

Redaksioneel 1965 *The Taxpayer*

Redaksioneel "Estate and Tax Planning - Kinds of Testamentary Dispositions:
Their Legal and Tax Consequences, II Estate Duty Consequences" 63-69

Redaksioneel 1974 *The Taxpayer*

Redaksioneel "Damnosa Hereditas" *The Taxpayer* 62-63

Redaksioneel 1980 *The Taxpayer*

Redaksioneel "The annual value of a fiduciary or usufructuary interest" 1980
The Taxpayer 81-83

Redaksioneel 1987 *The Taxpayer*

Redaksioneel "Usufruct in favour of surviving spouse" 1987 *The Taxpayer* 201-206

Redaksioneel 1988 *The Taxpayer*

Redaksioneel "Usufruct in favour of surviving spouse" 1987 *The Taxpayer* 201-206

Redaksioneel 1992 *The Taxpayer*

Redaksioneel "Estate and Tax Planning Part 3: Kinds of Testamentary Dispositions: Their Legal and Tax Consequences – II Estate Duty Consequences: Continued" 1992 *The Taxpayer* 143 – 149

Redaksioneel 1994 *The Taxpayer*

Redaksioneel "Articles and notes" 1994 *The Taxpayer* 122

Redaksioneel 1994 *The Taxpayer*

Redaksioneel "Estate and Tax Planning: The Valuation of Limited Interests" 1994 *The Taxpayer* 21–24

S

Sonnekus 2000–4 TSAR 793–808

Sonnekus J C *Delatio en Fallacia in die Hoogste Hof* 2000-4 TSAR 793-808.

Stevens 2001 S A Law Journal

Stevens R "R I P TESTATATOR Wessels NO v De Jager en 'n Ander NNO S A Law Journal 2001 230 - 236.

V

Van Wijk 1977 THRHR

Van Wijk CH "The incidence of estate duty on limited interests in property" 1977 *THRHR* 156-164

5 WETGEWING

Boedelbelastingwet 45 van 1955

Boedelwet 66 van 1965

Inkomstebelastingwet 58 van 1962

Insolvensiewet 24 van 1936

Interpretasiewet 33 van 1957

Registrasie van Akteswet 47 van 1937

Sterfrechtenwet 29 van 1922

Wet op die Beheer van Trustgoed 57 van 1988

6 PRAKTYKNOTAS

Inkomstebelasting Praktyknota 35 van 1994.

7 REGISTER VAN HOFSAKE

A

Ayrshire Pullman Motor Services v Commissioners 14 SATC 754

B

Barnhoom v Duvehage 1964 2 SA 486 (A)

Basset v Commissioner for Inland Revenue R 1961 4 SA 769 (D)

Botha v Botha 1979 30 SA 272 T]

C

Commissioner, South African Revenue Service v Executor, Frith's Estate 2001 (2) SA 261 (HHA).

Commissioner for the South African Revenue Service v Jacobson's Estate 1961 3 SA 833 (A)

Commissioner for the South African Revenue Service v Klosser's Estate 2000(4) SA 993 (A)

Commissioner for Inland Revenue v Mac Neillie's Estate 1961(3) SA 833 (A)

Commissioner for Inland Revenue v People's Stores (Walvis Bay)(Pty)Ltd 1990 (2) SA 353 (A)

Commissioner for Inland Revenue v Sive's Estate 1955 1 SA 311 (A)

Commissioner for the South African Revenue Service v Klosser's Estate 2000 4 SA 993 (C)

Crookes v Watson 1956 1 SA 277 (A)

E

Estate Kemp v McDonald's Trustee 1915 A 491.

Estate Smith v Estate Follett 1942 AA 364

Estate Watkins- Pitchford v Commissioner for Inland Revenue 1955 2 SA 437 (A)

Ex Parte Lategan 1943 CPD 442.

G

Greenberg v Estate Greenberg 1955 3 SA 361 A .

I

ITC 761(19 SATC 103)

H

Hofer v Kevitt 1998 1 SA 382 (SCA).

J

Jackson and Others v Secretary for Inland Revenue 1969 (1) SA 151 (C);

Jackson and Others v Secretary for Inland Revenue 1969 3 SA 217 (A)

N

Nel v Commissioner for Inland Revenue 1960 1 SA 227 A

S

Sekretaris van Binnelandse Inkomste v Jordaan en 'n Ander 1967(3) SA 329 (A)].

Sekretaris van Binnelandse Inkomste v Boedel Snyman 1972 (1) SA 1 (A)

V

Visser NO v Sekretaris van Binnelandse Inkomste 1968 2 SA 78(O)

W

Wasserman v Sackstein 1980 2 SA 536 (O)

Wessels NO v de Jager en 'n Ander NNO 200 4 SA 924 (HHA)7